# PIET FREYSEN SE GEDENKSKRIFFIE



**INHOUD**


Voorwoord

1 Herkoms

2 Skooljare

3 Leërgimnasium

4 Driehoeksmeting

5 Universiteit van Stellenbosch

6 Siviele Ingenieurs Loopbaan

7 Eiendomsontwikkeling

8 Prinshof

9 Kinders

10 Motors en vliegtuie

11 Jag

12 Voetslaan

13 Fietsry

14 Die Tankwa Karoo

15 Vriende

16 Konklusie

**VOORWOORD**

Die versugting het ontstaan in ons familie geledere dat die kennis oor die leefwyses en ervarings van die senior garde mettertyd verlore gaan. Ons familie woon nie almal naby mekaar sodat oupa, ouma en andere kan stories en gebeurtenisse van weleer vertel vir die jongeres om te onthou en weer oor te vertel nie. Dit gaan maar grotendeels verlore soos wat dit in voor- en oertye die geval was. Met die hedendaagse tegnologie is die verskonings hoekom dit verlore gaan, nou minder.

Nou het ek my kop uitgesteek en iets aan die beweerde verliese probeer doen deur hierdie *memorieboek* daar te stel vir die junior geslag om op voort te bou soos wat die tyd verbykom.

Ten spyte van my liefde vir en voorkeur van Afrikaans het ek vir effek hier en daar 'n Engelse woord ingespan. Dit was meer prakties deur die letters net bloot te kantel eerder as die lastige aanhalings tekens te gebruik.

Vir wie vertel mens nou wat en hoe ?

Hierdie boek is geskryf vir my afstammeling en hul gesinne en is dan met dié uitgangspunt aangepak.

Dinge wat ek vertel berus grotendeels op wat ek onthou maar ook op die logiese gevolgtrekkings wat ek as senior volwassene kon maak om die legkaart inmekaar te sit. Hier en daar is skrywers aangehaal om te help inkleur.

Die "hoe" is maar soos my kop werk.

Natuurlik met groot dankbaarheid teenoor ons Liewe Vader vir Sy baie liefde van al die jare, my voorsate vir hul positiewe bydrae tot hierdie gedenkskrif en sommer al die mense se samewerking om dit alles mootlik te maak.

Piet Freysen


Somerset Wes

September 2014

**PIET FREYSEN SE GEDENKSKRIFFIE**

## 1 HERKOMS

Op 15 Mei 1938 drink ‘n paar mense saam met Andries Freysen (Oupa) en Lena Hugo (Ouma) koffie op Juriesfontein, haar pa se plasie in die Ceres distrik opdat hulle die Dinsdag, 17 Mei 1938 om 10:00 op Ceres, 50 km ver, gaan trou. Dinsdae was daardie tyd troudag omdat dit goekoper was en hulle pas in by die mode van die dag. Hulle is onderskeidelik 29 en 27 jaar oud en “gaan toe al ‘n paar jaar uit”, gereed vir die huwelik (Oupa, met sy unieke humorsin, het sestig jaar later lakoniek opgemerk die huwelik is maar “ ‘n skoot in die donker” !)


Andries Petrus Freysen,
Hoekdoorn,
P. K. Inverdoorn, Ceres.

Magdalena Maria Hugo,
Juriesfontein,
P. K. Inverdoorn, Ceres.

Os Trou (D.V.)
in die
Ned. Geref. Kerk, Ceres
op Dinsdag, 17 Mei 1938 om 10 uur v.m.

Geen Resepsie.

5.05.



Oupa en Ouma trou 17 Mei 1938

Sonder enige huweliksonthaal (die koffie is al die vorige Sondag gedrink) vertrek hulle ná die troue op hul wittebrood, as mens dit so kan noem, vir twee dae na vriende, wat by Witbrug woon, net voor Mitchells Pas (Ceres), 10 km ver. Oupa se Model A Fordjie neem die jong getroude huwelikspaar daarna terug na Juriesfontein waar hulle haar persoonlike goedjies en klompie vee gaan kry. Daarmee sou hul dan trek dieper die Karoo in na ‘n staninkie wat hy gehad het met sy veetjies, skaapwagter en donkie wa met kap (tent) op. Ouma was dekades later steeds gesteurd wanneer sy vertel dat haar pa midde van die ge-draaiery met hul vertrek vanaf Juriesfontein dan nou later daardie afskeids oggend opgemerk het “julle moet nou ry, julle hou ons op”. Dit was later ‘n familie grappie wanneer die afskeid bietjie uitgerek word.

Veeboere wat nie hul eie grond besit het nie was aangewys op die goedgunstige beskikbaar stelling van weiveld van boere wat wel grond besit. Die tydelike blyplek van so 'n veeboer word na verwys as 'n staning (sien bo)

Die Ceres (deesdae die Tankwa-) Karoo is bekend as die plek met die laagste reënval in die land.

Dit was so skuins ná die Depressie en Groot Droogte van 1933 en daar was nie geld nie. Haar standerd agt en sy standerd vyf saam sou nie eens vir iemand 'n pos êrens kon losslaan nie en al genade was die trekpad met hul gesamentlike klompie vee.

Die wêreld ekonomie het gedurende 1929 feitlik oornag in duie gestort toe die Amerikaanse aandele beurs getuimel het. Die gevolg hiervan was dat dit ongeveer vier jaar geneem het voordat daar ekonomiese oplewing begin kom het en mense, wêreldwyd finansieel weer kon asemhaal. Dít was die Depressie waarvan hierbo gepraat word. Suid Afrika was verder ook nog baie toevallig in dieselfde periode landwyd in 'n knellende droogte en dit het sake dramaties vererger met katastrofiese gevolge vir almal. Die vertellings van swaarkry en oorlewing wat hieruit gespruit het in ons land se geskiedenis is soms haas ongelooflik.

Oupa was een van elf kinders van Abraham en Lettie Freysen wat op Hoekdoorn in die Ceres Karoo 'n lewe probeer maak het op dieselfde wyse en Ouma een van drie kinders op Juriesfontein, darem met 'n eie grondjie.




Ouma Lettie en tien kinders by haar man se begrafnis

Andries Petrus Freysen, gebore 9 Mei 1909 stam uit die familie van die eerste immigrant, Thomas Freizen,  vanuit de Mozille, Duitsland soos op die immigrasie dokument  deur Lord Charles Somerset op 15 Januarie 1817 vergun is.  Die van se spelling is mettertyd aangepas en die Freysen familie was toentertyd hoofsaaklik gevestig in en om Prins Albert.  Die Moselle rivier gebied in Duitsland is vandag,  na eeue,  steeds bekend vir sy wynbedryf.  Thomas het seker gemeen hy kan sy vernuf in dié verband by Prins Albert kom beproef maar hy en sy nageslag was hoofsaaklik kleinvee boere.  Die meeste is ook met die jare daar naby oorlede want daar is veertig plus grafte in die kerkhof met die van Freysen op die steen

Magdalena Maria Freysen (néé Hugo), gebore 26 Mei 1911, was die dogter van Petrus Francois en Elzie Margaretha (néé Müller) Hugo  wie se voorsate stam uit die Franse vlugtelinge.  Daar bestaan ‘n pragtig saamgestelde boek soos uitgegee in die vroë sewentigs oor die Hugo familie.



Ouma met haar ouers, broer en suster

Ná standerd vyf is Andries "plaastoe", maw sy skoolopleiding was afgehandel, met as enigste vooruitsig om skaapwagter te wees vir die gesin van 13 se troppie vee. Vir die moraal agter die vee het hy 'n konsertina by 'n "jong" (kleurlingman) gekoop vir 'n halfkroon en homself daarmee onderlê, so vertel hy, deur soggens wanneer hy veld toe gaan met die vee, sy hande in die konsertina te steek en saans wanneer hy terugkeer, weer uit te haal ! Hy kon later jare nagte om die jongmense aan die dans help hou met diė talent. Toegegee, daar moet darem 'n kitaar ook by wees. Dit was voor die dae van disco's of wat ookal.

Toe hy al die negentigerjare nader en saam met Ouma in Ceres Tuiste woon het hy en se jonger broer, oom Baas, die "Tuiste" lekke aan die gang gehou met hul konsertina en kitaar spel. Hulle was op aanvraag beskikbaar. Op die foto hieronder speel Oupa vir afwisseling sy Flottina in plaas van die konsertina. Dié Flottina, 'n Duitse produk, en 'n afgeskaalde akkordion, het hy dekades vroeër vir min geld by 'n smous bekom. Hy het dit later vir my gegee waar inbrekers dit een nag te Somerset Wes kom haal het. Ek het dit vervang met 'n ingevoerde verbeterde een omdat daardie model van Oupa nie meer vervaardig is nie.



Oupa met die Flottina en oom Baas met die kitaar

Hy het veel later nog as ongetroude vrygesel saam met sy een suster, tant Sannie, en twee neefs van hulle, twee Burger broers, besluit om daardie jaar se Nuwejaar by Keimoes te gaan indans. Die dansery daardie tyd was dikwels deurnag en met baie beskeie eet- en drinkgoed en ander geriewe. Onthou, die mense moes moeisaam en ver reis daardie tyd en wanneer die geleetheid die slag daar is om jolyt te maak in ‘n sombere bestaan, moes dit die moeite werd en onvergeetlik wees. Buitendien was daar nie slaapplek vir so’n klomp gaste nie en wie wil nou ook slaap as die pret steeds aangaan. Hy het toe al ‘n ’28 Ford gehad en so vat hulle die pad met die Fordjie van Ceres af Keimoes toe, die beste deel van 700 km. Die pad was natuurlik heel pad grondpad en wat jy ookal langs die pad mag benodig, moet jy saamry. Oupa vertel die pad was so sinkplaat gery dat van die Ford se meganiese remkabels afgeskud het op die erge sinkplaat oppervlakte van die paaie. Maar dit het geklink of die uitstappie die moeite werd was, deurnag dans, die lot.

Ouma, weer, moes saam met haar (jonger) broer die plaas en hul ouers se huishouding op Juriesfontein as jong meisie behartig. (Die ander suster, Maria, wou haar lewe met “haar geleerdheid” maak en is Kaap toe om kraamverpleging te gaan doen) Onthou, daar was nie geld nie wat nog te sê van ‘n menseregte kommissie waar jy kan gaan klae oor die miskenning van jou menswees. Ouma vertel dat “slagmôre” hulle net die slagding (buite op die grond) keel af sny en sy, jong meisie (skamele 50 kg geweeg), alleen die res moes doen. Die vrugteboere in die Ceres omgewing (Koue- en Warm Bokveld) het gedurende hul oestyd stukwerkers in diens geneem vir die verpakking van die vrugte, alles hoofsaaklik per hand. En elke “paktyd” kon Ouma en haar portuur die luukse hê om kontantgeld te verdien deur te gaan vrugte pak.

Mense met eerste wêreld afkoms het gelukkig vir hulle, voorkeur geniet met die indiensneming.



Tannie Maria

Oupa en Ouma was albei dus redelik gesout vir die toekoms wat op hulle sou wag: ‘n nomadiese trekkersbestaan. Die term wat daardie tyd gebruik is daarvoor, was die “trekpad”. Dit beteken dat mens veld huur by ‘n grondbesitter totdat die veld daar se kondisie vanweë die droogte sodanig verswak dat jou vee moet plek maak vir die baas s’n. Hulle verblyf was in die donkie wa met ‘n kap op soos die Voortrekkers van ouds vir die volgende sewe jaar

Die eersteling, Appie, vernoem na Oupa se pa, Abraham Adriaan, was gebore en moes sonder ‘n kinderkamer sy pad oopsien in die tentwa. Hy is op vierjarige ouderdom tragies aan witseerkeel oorlede toe ek so agttien maande oud was. Soos later jare feitlik nooit gebeur het nie, het Oupa sy gesin van vier geneem en besoek hulle saam met vriende ‘n vakansieplek, die Bad, naby Citrusdal vir ‘n paar dae. Appie het daar oornag siek geword, is na Stellenbosch hospitaal vervoer waar hy binne vier dae oorlede is. Hy is op Juriesfontein in die familie kerkhof begrawe. Ek, toe nog ‘n peuter kon onthou hoe Oupa later ‘n lang klip as grafsteen gevorm het en met ‘n beitel en hamer die teks daarop uit gekap het.




Appie se grafsteen op Juriesfontein

Hierdie bestaanswyse het voortgeduur totdat Oupa sewe jaar later in 1945 (net na die einde van die tweede Wêreld Oorlog) sy eie grond koop:  die aangrensende plase Soutpanskoppies, De Vloere en Kareekolk in die Ceres Karoo vir twee sjielings per morg.  15 000 morg altesaam.  Inflasie neuk ongelukkig persepsies oor die waarde van goed só op maar terwille van proporsies,  'n slagskaap het toe  30 sjielings gekos .






Appie 4 jr oud

Appie 2 jr oud

Geld vir die grond se aankoop het hy by Ewelyn Krige, prokureur van faam en o.a. burgemeester vir 25 jaar op Ceres, geleen. Ewelyn was 'n deftige kêrel, altyd gepak en ge-ruiker wat self nie motor kon of wou bestuur nie maar met sy swart blinkgepoleerde Packard deur 'n bestuurder, wat self paslik geklee is, geneem is waarheen benodig. Ewewlyn, nooit op sy mond geval nie, het glo graag altyd gesê hy help enige mens, al is dit ook van die wal af in die sloot !

158 CERES-EEUFEES



*Lank saam met Ceres op die Pad.*
*Mnr. en mev. E. W. Krige met hul Goue Bruilof. Junie 1955*
*Mnr. Krige was Burgemeester van 1913-1937.*

Ons het op Kareekolk gewoon op daardie stadium. Met eie grond moet man nou ‘n blyplek daarop hê en daar was slegs ‘n klipmurasie op Soutpanskoppies, die plaas wat Oupa wou behou. Die rede vir die keuse van Soutpanskoppies was baie waaskynlik omdat dit die meeste potensieel besproeibare grond gehad het, die veld dalk ook beter as die ander twee plase s’n was en omdat daar so’n paar plat koppies was wat Ouma dan nou so ge-*fancy* het omdat dit haar sou laat dink aan Juriesfontein, waar sy grootgeword het, met se bergagtige omgewing. Waarmee hy nie rekening gehou het nie was die beskikbaarheid van water vir huisgebruik. Want ná sewe droë, of totaal onbruikbare sout, boorgate om en naby die opstal, het hy daarmee gestaak en 5 km ver vanaf Beukesfontein, ‘n buurplaas, water met ‘n ¾ ton bakkie met drie 200 liter konkas vir die 19 jaar wat hulle daar gewoon het, aangery.

Gemeet aan vandag se standaarde was dié her opbouery van die bestaande murasie op Soutpanskoppies ‘n baie unieke operasie. Synde net uit my peuterskoene kan ek dit kristalhelder onthou. Klippe vanuit die onmiddelik omgewing is met ‘n slee van treinspoor stawe en twee donkies aankarwei, klei vir messelmateriaal is ontgin vanuit ‘n groef naby die bouperseel en water moes 5 km aangery word met ‘n ’34 Dodge bakkie en drie konkas. Koringstrooi is met die klei gemeng vir versterking en siedaar: die messelaar kon aangaan. Die deur- en venster kosyne het Oupa self aanmekaar getimmer, die dakbalke


was onbehandelde bloekompale en die latte 3x4's dennehout. Sinkplate vir dakbedekking was tweede- of derdehands en bevestig bo-op die latte met verskeie gate deur die sink, van vorige gebruik, waardeur die sonlig bedags ingeloer het en die reën kon kom die slag wanneer dit reën want daar was geen plafonne nie. Wanneer die reën kom, onge-ag die tyd van die dag of nag, moes in aller yl potte, skottels of kose onder die lekplekke geplaas word om huis en haard droog te hou. In my geheue is die klank van daai lekkende druppels in 'n metaal houer soggens wanneer ek wakker word, vir altyd vasgelê want dit het gepaard gegaan met groot vreugde in die huis omdat dit reën ! Ouma het vrolike gesange loop en sing. Die lek van 'n dak skrik my nou nog nie af nie want dit beteken dat dit reën ! Voeg by hierdie vreugde die pragtige klank van reën op 'n sinkdak en heerlike vars geur van droë stofgrond wat dankbaar water kry van bo af.

Behalwe die musiek van reën op 'n sinkdak is daar steeds ander dinge van die karoo plaaslewe wat mens met heimwee voor die gees bybly soos bv lamtyd en varkslagdag. Lamtyd was gewoonlik in die koeler maande. Ouma was lief vir bokke en het dan nou ook haar eie boktroppie gehad en Oupa was die skaapman. Met lamtyd is boklammers soggens uitgehaal uit die trop en het tuis gebly solank hul ma's gedurende die dag ver in die veld gaan wei. Dit was 'n baie prettige toneel wanneer hierdie klomp boklammers gedurende die dag begin hardloop, mekaar jaag en speel. Laat middag word die hulle op hok gesit sodat wanneer die bokooie kraal toe kom hulle eers bietjie van gemelk kon word vir huisgebruik terwyl daar steeds genoeg gelaat word vir die lammers wat natuurlik die heel nag tyd het om te suip. Dan is daar in 'n aparte emmertjie 'n bietjie bies by elke ooi "gesteel" wat later die aand by aandete gekook word en deel van die spyskaart uitmaak. Vir die jonger geslag: die eerste melk van die ooi is baie ryk met so'n korrelrige tekstuur wat bedoel is om die klein lammietjie 'n *boost* te gee pas ná geboorte. En vir 'n jong plaaskind is dit koningskos.

Varkslag so een keer per jaar in die wintertyd was 'n redelike standard praktyk op elke boereplaas. 'n Vark word van vroeg die jaar af goed gevoer sodat dit teen wintertyd groot en goed van vleis is. Die dag van die vark se slag word natuurlik vooraf mooi beplan en daai dag donkermôre word daar al vuur gemaak onder 'n groot seeppot vol water daar eenkant op die werf. Teen ligdag knal die .22 en begin die groot werk om daai vark se hare almal mooi afgeskraap te kry. Heelwat hande is nodig vir al die werk wat gaan volg. Hierdie hantering van die lywige karkas het gewoonlik plaasgevind sommer

buite op die grond op ‘n dik laag strooi en naby die seeppot met sy baie kookwater om die vel sag te maak ten einde die hare se verwydering te vergemaklik. Ná hierdie taak nougeset afgehandel is word die karkas oopgesny, die binnegoed verwyder en die die vleis in groot stukke kombuis toe karwei. Wat volg is harde werk want die dissektering van die stukke vleis volg nou en die vleismeul moet gedraai word vir die maalvleis vir die worsmaak wat volg. Die maalvleis word van die nodige speserye voorsien en deurentyd klein monstertjies van in ‘n pan op die stoof gaar genoeg gemaak om te proe. Vir laagenoemde was daar gewoonlik voldoende vrywilligers. Die dik laag spek buite om die karkas word versnipper en uitgebraai om die heerlikste varkvet en vark kaiings te gee. Daar is niks wat in geurigheid kan kom naby ‘n dik sny vars plaasgebakte brood met dik varkvet opgesmeer en goue stroop daarop nie.

Oupa verkoop Kareekolk en De Vloere mettertyd om die skuld minder te kry en die oorblywende gedeelte, Soutpanskoppies, te ontwikkel. Die regering van die dag het subsidies begin gee vir die aanbring van jakkalsdraad ten einde die euwel van die ongediertes te probeer hokslaan asook vir die bou van damme. Ná die Tweede Wêreldoorlog (1939 – 1945) het die prys van wol algaande gestyg en het almal begin asemhaal toe die ekonomie beter word. Amerika was êrens in ‘n oorlog gewikkel en daar was ‘n buitengewone aanvraag vir wol vir klere vir die soldate). Dit was die nuus van die dag toe die wolprys in die vroë vyftigs die rekordprys van ‘n pond per pond haal. (Twintig sjielings per half kilogram.)




Oupa en ek langs *memorylane* ná Ouma se dood

Intussen was die loop van die politiek só dat dr DF Malan se Nasionale Party (die NAT party)  Genl Jannie Smuts se Verenigde Party (die SAPPE) in die 1948 verkiesing verslaan.  Daardie tyd was die stryd fel tussen mense oor wie stem waar.  Vrienskappe het as gevolg hiervan in die slag gebly en families is geskeur. Soos enige oorlog klink hierdie vir my ook maar na ‘n verloor-verloor situasie.

So gebeur dit dat Andries en Lena besluit om diė dag van die 1948 verkiesing nie al die sleg pad Spes Bona toe (30 km) te ry om te gaan stem nie want hy, synde ‘n stoere NAT en sy ‘n “bloedsap” se stemme sal mekaar tog net ophef.  So,  bly liewer tuis en gaan aan met hul werk.  Maar hy vind ‘n verskoning om na die vee te gaan kyk en *slip* weg en gaan stem alleen.  Hierdie misstappie van hom het hoog opslae gemaak in die twee se huweliksgeskillietjies vir jare daarna.



Oupa by sy ’36 Ford

Elsa word op 21 April 1948  (seker so rondom die vreeslike verkiesing ?)  op Soutpanskoppies gebore.  Tannie Maria was vroedvrou by ons aldrie se geboortes.  Op sesjarige ouderdom het ek die oggend van 21 April ontwaak om dan nou te hoor tannie Maria het die vorige nag vir my ‘n sustertjie in die berg gaan “vang”.  Sy was ‘n bobbejaantjie waarvan tannie Maria die stert afgekap en die hare van afgeskeer het.  Met diė persepsie van my suster het ek lank mee moes saamleef !



Oupa en sy gesin 1955

So met die jare het verskillende werksvolkies, vir wie ons lief geraak het, by ons gewoon en gewerk en ek wil een van hulle uitsonder: Outa Jan Booysen. Daardie tyd was die respektabele aanspreekvorm van 'n witkind vir 'n bruinman *outa* en vir 'n bruinvrou, *aia.* Soos met *oom* en *antie*. OK, tannie het later gekom. Oupa het vir *outa* Jan êrens langs die pad in die vaal karooland waar hy met al sy besittinkies op sy rug aangestryk het, 'n geleentheid gegee en toe sommer ook 'n werk aangebied. Hy was 'n vrygesel en het tot sy dood, 23 jaar later, by Oupa hulle gebly. Hy het "van die tafel af" ge-eet omdat hy nie kind of kraai gehad het nie en was hy gevolglik ook handig in die kombuis met skottelgoed was en opruimwerk. Hy was eintlik maar soos een van die gesin maar baie op sy plek en getrou in die uitvoer van sy taak. Soos meeste van sy tydgenote was 'n bottel voggies se inhoud nie gespaar wanneer die geleentheid hom voordoen nie maar hy het hierdie aanslag van Bacchus eervol oorleef en is aan onverwante natuurlike oorsake oorlede later jare op die Bos waar Oupa hulle later gebly het.



Outa Jan (1958)

Privaat vervoer daardie jare (1950's) was beperk tot agtergeblewe na-oorlogse voertuie. Dís as jy vooruitstrewend was anders was perde-, muil- en donkiekarre maar die aangewese. Die Britte het al geruime tyd trapfietse op die mark gehad wat ook maar 'n luukse was. Stap was verniet. Oupa, sy broers en susters het, as skoolkinders, die 55 km na Gansfontein plaasskool vanaf Hoekdoorn, waar hulle gewoon het, elke paar weke geloop vir 'n naweek. Een Vrydagmiddag op pad huistoe moes 'n present hanslam ook saam en die stappery was grotendeels deur die nag. Die spoke moes maar wyk.

Ouma en haar broer en suster se weeklikse skooltoe stappie was so 14 km vanaf Juriesfontein na Kommando waar 'n "miss" Conradie hulle moes poleer. Kommando is geleë in die eerste kloof na links nadat mens vanaf Ceres op die Calviniapad verby Karoopoort is. Oupa-hulle was ook later hier op skool en dis waar die miss hom kapittel het oor hy in standerd vyf al (pyp) rook. Die gevolg hiervan was dat hy die skool verlaat het en met sy beroepsloopbaan op Hoekdoorn gaan begin het toe sy klasmaats in standers ses sit. Op die stadium toe van dié klasmaats wel matriek haal, het hy al 'n konsertina, 'n baisiekel en 'n paar veetjies gehad en 'n grootmens bestaan gevoer.

## 2 SKOOL JARE

In Januarie 1949 skryf Ouma my in vir sub A by die Laerskool Gericke op Ceres.Hierdie plaasjapie is ‘n totale groentjie in die dorpsomgewing en loseer ("board") by Oupa se ouer suster, tannie Anna en oom Piet Goosen, wie die opsigter van die Dennebos, diė munisipale vakansieoord op Ceres daardie tyd, was. Ek stap die kilometer skool toe elke dag en vaar sodanig goed op skool dat ek een van die 10 van die 30 sub A's is wat halfpad deur die jaar oorgesit word na sub B. Dit was my eerste terugslag.



Oom Piet en tant Anna Goosen

Oupa se een suster, tant Sannie, se drie kinders, Rina-, Esté- en Attie Stander benodig tydelik verblyf en kom woon ook by die Goosens in daar by die Dennebos waar ek nou loseer. Ek en Attie het maar soos broers grootgeword want hy was baie skoolvakansies saam met my Soutpanskoppies toe vir die vakansie. By die Dennebos was somertye soos ‘n fees vir ons snuiters want vir ‘n halfkroon koop man ‘n seisoen kaartjie en is die hele openbare swembad met al sy maters tot jou beskikking vir ses maande elke middag. Hier het ons onsself sommer baie gou self leer swem en dit elke keer baie geniet. Omdat heerlike vars water vanuit die nabygeleë bergkloof deur die swembad gevloei het was daar geen chemikalië benodig om die water op swemstandaard te hou nie. Oom Piet moes net elke Donderdagaand laat die klep oopdraai sodat die dam kan dreineer vir die groot slyk skrop sessie met sy span die Vrydag oggend vroeg vir die naweek wat voorlê. Daarna neem dit net so ‘n paar ure dan is die groot Olimpiese standard swembad weer vol vars water vanuit die bergstroom sonder chemiese bymiddels.



Attie Stander

In 1952 vier almal Van Riebeeck fees.  Dit was drie eeue nadat wyle Jan met sy drie bootjies in die Kaap aan wal gestap het en die verversingspos begin stig het.  Ek was standerd drie en so reël die Laerskool Gericke 'n besoek van sy leerlinge aan die fees,  130 km Kaapstad toe.  Ons juffrou was seker ook maar bietjie opge-*stress* want dit moes 'n malspul gewees het.  Nietemin sy was baie kwaai en sou ons verlore raak tussen die massas mense, het sy ons ernstig ingelig,  moet ons na die beheer toring gaan en ons lot daar rapporteer.  Ook nie lank in daai malspul nie toe is ek verlore.  Dit was 'n bitter gevoel vir 'n karookind wat nie aan baie én aan sulke onvriendelike mense gewoond is nie ! 'n Man in uniform het die huilende knaap gehelp na die beheertoring toe waar die rapport gedoen is en 'n kwaai juffrou my kwaai-kwaai kom haal het.

Oupa se boerdery het algaande  verbeter.  Vanweë sy handel-en-kwansel vernuf en uiters konserwatiewe benadering tot die spandeer van geld, het hy onafhanklik oorleef in 'n relatief ongenaakbare deel van die land:  die Ceres Karoo,  deesdae bekend as die Tankwa Karoo.  Min sou ek toe kon dink watter wonderlike les hy my in diė proses geleer het. 'n Ander kosbare les was eerbaarheid.  Niks was 'n leuen werd nie.

Genoemde vernuf het hy alreeds begin ontwikkel toe hy eintlik nog op skool moes wees. Hy het vertel hoe hy by meer as een geleentheid met 'n baisiekel (fiets) 'n swaar vrag droë skaapvelle en afval bene die 90 km van Hoekdoorn af Ceres toe getrap het, dít dan daar verkwansel het vir droë snoek wat hy weer

in die Karoo verkoop het. Die ”baisiekel” het nie ratte of remme gehad nie ! Om gerem te kry was die enigste genade om jou veldskoen hier agter teen die agterwiel te laat skuur en só ‘n bietjie remwerk te veroorsaak. Die aanry van kraalmis met ‘n donkiewa na die vrugteboere om Ceres was ook ‘n (beskeie) bron van inkomste. Met een so’n tog vanaf Hoekdoorn na Ceres om en by 1933 (hy toe 24 jaar oud) het hy by Karoo Poort uitgespan om bietjie te vertoef en die span donkies water en voer te gee. En wie sal daar op ‘n klip sit met sy ramkiekie en speel: Dirk Ligter, die baster boesman (toe 67 jaar oud) en baie bekende skaapdief. Joe Dauth, ‘n Tankwa Karoo boer van later jare, het, ná intensiewe navorsing, ‘n pragtige boekie oor Dirk Ligter geskryf . Dirk was ‘n tiep van ‘n Robin Hood karakter wat baie berug/bekend was vir sy fyn vernuf om ‘n slagding te steel van die meer gegoede boere en dan nou mededeelsaam te wees met die vleis teenoor mense van sy stand. Joe het Oupa in Ceres Tuiste besoek tydens sy navorsing wie hom toe vertel het dat dat hy nog nooit weer iemand só mooi *Red River Valley* op ‘n musiekinstrument hoor speel het as daai oggend toe Dirk dit op sy ramkiekie sit en piek het by Karoo Poort nie.

Dirk was bekend daarvoor dat hy in sy fleur vir ‘n polisieman te perd kon weghardloop nadat hy in die Ceres Karoo ge-arresteer is, altyd vir skaapslag natuurlik. Wanneer die polisieman en sy perd 100 km later by die polisiestasie op Ceres arriveer, sit Dirk daar doodluiters en wag terwyl hy op sy ramkiekie speel.

I W van der Merwe, oftewel Boerneef, het op Boplaas in die Koue Bokkeveld grootgeword. Hy het later professor in Afrikaans- Nederlands aan UCT geword en Dirk goed geken.


Dirk se nagedagtenis leef voort in Boerneef se volkskuns, soos in die rympie “Die witperd van Calvinie / hy loop maar hy kan nie sienie”. Dirk is in 1939 op die ouderdom van 73 oorlede aan tering wat hy tydens een van sy gereelde “kuiers” in die Breekwatertronk in Kaapstad opgedoen het.

Toe Boerneef hom kort voor sy dood in die versorgingsoord besoek het, was Dirk se afskeidswoorde aan hom: “Miskien ontmoet ons weer eendag op die Krovlak, of ons nou dood is of nie, daar sal almelee vir ons ‘n plekkie wees.

Hierdie ekonomies konserwatiewe benadering van Oupa was vir my as kind baie steurend want ek het nie gekoopte speelgoed geken nie. Tannie Maria het my later bederf met speelgoedkarretjies maar meer daaroor later. Ek en die

klonkies kon ons as jong knape heeldag vermaak met *tyres* (motor buitebande), *baisiekel rims* (fietswiel nawe sonder speke), klippe vir speelgoed karretjies en lang stokke vir ryperde. Toe ons groot genoeg was moes ons in elk geval werk en die spelery los.

Einde standerd drie ontvang ek my enigste skoolprys ooit: KALOELOE EN SY MAATS vir die beste vordering daardie jaar in standerd drie. Met dank aan juffrou Erasmus en die Liewe Vader wat my toe mooi laat herstel van terugslag nommer een (sub A en B in een jaar)




Die prys vir die beste vordering in st III

Plaasskole was steeds hier en daar gevestig met die een te Gansfontein die naaste een aan Soutpanskoppies, 30 km Calvinia se kant toe. Soutpanskoppies is geleë 80 km vanaf Ceres langs die Ceres – Calvinia pad, die langste pad tussen twee dorpe in Suid Afrika, skryf Dana Snyman. Oupa en van sy gesinslede was mos voortyd daar in die skool onder die lat van Fasie Verster en omdat 'n kind slegs kwalifiseer vir "grant" (regerings subsidie) wanneer hy in die naaste skool aan sy ouerhuis is, wen Oupa die debat teen Ouma e.a. en word ek met 'n splinternuwe Raleigh fiets beloon toe ek in standerd vier Gansfontein plaasskool toe geskuif word. Met diė Raleigh het ek die 30 km Gansfontein toe afgelê Vrydae en Sondae vir die naweek tuis. Goed, hy het wel remme gehad. Daar was 16 kinders in die totale skool op Gansfontein in 1953 waarvan 4 in standerd vier. Die standerd viers gebruik dieselfde leesboeke as die standerd drie's, waardeur ek toe al was. Mnr Hamman, die enigste onnie daar, totaal verstok, vertel die helfte van die tyd vir ons in die

skool, die romans wat hy saans lê en lees, se stories. Ek staan sommer eerste maar teen 'n prys want toe ek in standerd vyf weer in Laerskool Gericke beland by mnr Louw was ek soort van laaste in die klas.

Gansfontein was my tweede terugslag.

Die laagte punt rondom hierdie nuwe Raleigh was dat Oupa die fiets aan die plaasvolkies beskikbaar gestel het vir algemene plaaswerk nadat my Gansfontein jaar nou verby was en ek weer dorpskool toe is en dat die fiets in vodde was toe ek die eerste skoolvakansie in standerd vyf op die plaas land. Ons het slegs skoolvakansies huis toe gegaan en naweke op die dorp moes bly vanweë die afstand en duur en ontoereikende vervoer. Op Ceres het meeste maters fietse gehad en my passie om 'n eie fiets te hê is eers soort van bevredig toe Oupa darem twee jaar later vir my 'n ou tweede handse fiets koop. Party maters het toe met "racers" gery. Dit was die voorloper van die padfietse wat mens later leer ken het. 'n "Three speed" was die *ulitimate* om ook *in* te wees tussen die manne. Ek het dit baie moeilik gevind om die hunkering na so 'n *racer* in toom te hou. Eendag hier in standerd agt rond gaan daar vir my 'n lig op: ek gaan vir my 'n werk kry in 'n winkel as klerk en Saterdae werk om geld te kry om self my eie *racer* te koop. Dit was die eerste tekens van intrepeneurskap wat ek van kan praat. Oupa het toe 'n beskeie plaaswinkeltjie gehad en sy aankope daarvoor by BAUM, 'n winkel wat aan twee jode, Sammy Baum en sy swaer, Cyril Sarembock, behoort het, gedoen. Ek nader mnr Baum op 'n dag en seker maar meer om die halsbandjie as om die hondjie, gee hy my werk vir Saterdag oggende 8 tot 1 as winkelklerk (Ek het maar onlangs eers die halsbandjie ding vir myself uitge-*figure* ). Saterdae was die meer besige dag in die winkels want dan kom al die plaasvolkies dorp toe vir inkopies. Ek betaal bykans twee jaar lank af aan die fiets wat toe sommer al op skuld bý hulle gekoop word.

Die bemarking van die boere se slagvee was hoofsaaklik gedoen deur sogenaamde veespekulante. Omdat dié mense se sakemetodes maar soms onder verdenking was het Oupa probeer reël met slaghuise in die dorpe in die omgewing wat sy slagvee direk by hom kom koop het. Oom Gert Janse van Rensburg, alom bekend as Gert Janse, van Tulbagh was een so 'n slagter en het dan nou van die oefening om vee te kom kyk 'n uitstappie gemaak deur sy .22 geweer by te hê vir 'n onversigtige wildsbokkie in Soutpanskoppies se veld. Dan arriveer hy en 'n saamry vriend al vroeg middag en slaap oor want die vee kom eers die aand kraal toe gereed om die volgende oggend vroeg na gekyk te

word. Oom Gert was lief vir ‘n mooi en nuwe motor en by geleentheid was ek as snuiter by toe ons met sy nuwe 1953 Ford Fairlane dan nou gaan jag. Toe ‘n bokkie onversigtig raak vat oom Gert sommer die Ford in die veld in tot groot argwaan van Oupa oor die kar sal verniel. Oom Gert was ‘n baie wel ter tale man en het Oupa net daar kortgevat met: “Andries, mens kan met ‘n kar enige plek ry solank jy stadig ry”. Ek onthou Oupa het soms ná so’n besoek van oom Gert by Ouma geklae oor hy so ‘n naer kol oor sy maag gehad het wanneer hy saam met oom Gert die volgende oggend vroeg tussen die vee instap om dan nou die veekoop transaksie te beklink. My nabetragting nou is dat Oupa moes *canvass* by oom Gert deur hom die bokkie te laat skiet en ook te sorg dat die sopie reg staa vir die aand se kuier met die oog op ‘n goeie onderhandel sessie vroeg die oggend in die skaapkraal.

Gedurende Desember 1958 gebeur daar ‘n traumatise ding met Oupa se skaapboerdery. Die weiveld was nie lekker in die Ceres Karoo nie en hy kry veld te huur langs die Theronsbergpas duskant Ceres vir ‘n trop van ongeveer 400 skape, wat meer as die helfte van sy totale kudde was. Skynbaar was twee padlopers die oorsaak van ‘n veldbrand wat ontstaan. Die wind druk die vlamme al hoe meer na die bergkranse se kant toe waar die meeste van hierdie skape vasgekeer word en dood brand of sodanig verbrand dat hulle van kant gemaak moes word. Dit was finansieel en andersins ‘n groot terugslag vir Oupa maar die Karoo het later weer gereën en die lewe het voortgegaan.

Daardie tyd was nog deel van die era van Jode winkels op die platteland. Ceres het toe nog ‘n sinagoge gehad waar ‘n aktiewe Joodse gemeente gehuisves was.

Teunis Uys skryf ‘n gediggie oor die tyd van die jode in Springbok in sy boek, Eenkantland:

*Daar stop Jowell se lorrie*

*voor Gelb se winkel*

*agter Schullman se apteek*

*By Shapiro se hotel kan jy*

*vanaand nog ‘n dop gaan steek.*

*Daar loop Fytjie Diamond en sy hond*

*Ek hoor ou Levy is dik in die pond*

*Vir hierdie jode is ek so lief*

*Soos Namakwaland se grond*

- *Mazel Tov … Lachaim*

Morris Segal, 'n Joodse smous van Laingsburg, het met sy '34 twee ton Chev lorrietjie gereeld die rondte gedoen ook in die Ceres Karoo. Die lorrietjie was mooi ingerig om van rolle material, twak en vuurhoutjies tot Joseph Rodger knipmesse en lekkers vir die kinders te huisves. Sy knap bruin assistent, Thomas, wat sy drywer en hulp was het saans, wanneer hulle altyd by ons op Soutpanskoppies oorslaap, voor in die ruim kajuit van die lorrietjie geslaap. Omdat daar geen manier van kommunikasie was nie het Oom Morris en Thomas uit die aard van die saak altyd onaangekondig opgedaag. Wanneer daar dan die aand (slegs) varkvleis op tafel was, het Ouma dan nou maar verskoning gemaak daarvoor maar sy antwoord was altyd klinkklaar: solank iemand anders dit vir 'n Jood inskep mag hy dit maar eet.

Tannie Maria was 'n oujongnooi met 'n eiesoortige aanslag op die lewe. Sy was maar redelik dominerend en het daarop aangedring dat ek by haar moet kom loseer ná die Gansfontein episode. Sy het in 'n kamer van so 3 x 5 meter aan die kant van Fish se winkel gewoon (met as enigste ablusie gerief 'n emmer tipe toilet 200 meter ver in die agterplaas) wat ek en later nog Elsa en 'n nefie, Pollie Hugo, ook met haar moes deel vir vier jaar. Einde standerd nege rond het sy bitter ongedurig geraak omdat ek 'n meisie van die Kaap wat Rooms Katoliek was, gehad het. As gevolg van hierdie onmin het Ouma dit goed gedink om my in die koshuis te sit vir 'n tyd. Baie jare later het ek al dié dinge mooi uitgepluis en tot die aller konklusie gekom dat dit vir my oneindig baie beter sou gewees het as ek van sub A af voltyds in die koshuis sonder 'n Gansfontein ekskursie kon wees. Sy het weliswaar baie tyd en energie aan my, Elsa en neef Pollie spandeer. Haar goedbedoelde aksies was dalk soms bietjie uit verband.

Ná Gansfontein en terug in die Laerskool Gericke op Ceres het mnr van Vuuren ("ou Fires"), die skoolhoof die voorreg gehad om op mnr Louw, ons standerd vyf onderwyser, se versoek my in sy kantoor te laat buk vir drie goeies omdat ek "lui is".

Mnr Gert van Wyk ("Gert Lappies"), hoof van die Hoërskool Charley Hofmeyr op Ceres het ook hierdie voorreg 'n paar jaar later gehad,. Mnr van Wyk het ook die voorreg gehad om my van hom te laat hou deur die pragtigste vak in die wêreld, nl Wiskunde, te doseer. Wat hy meer gedoen het om my veral later jare baie groot respek vir hom af te dwing was om vir ons Vrydagoggende saal te hou en vir ons van Salomo te lees, veral so skuins voor die eksamen wat o.a. geskryf het: "Luiaard, gaan na die mier en word wys". Nog 'n wysheid van Gert was " 'n saak het drie kante: my kant, jou kant en die regte kant" en nog andere.

Met ons 50 jarige matriek re-unie in 2009 op Ceres nooi ons die toenmalige skoolhoof, oor vir die aand op voorwaarde hy bring vir ons 'n rottang as geskenk. Hy het woord gehou en ewe lakonies vertel hoe die pakgee kultuur destyds gewerk het: daar is 'n registerboek by die bundel rottange in die hoof se kantoor geplaas waarin elke pak slae met naam en nommer kompleet verskyn het. Die beweerde oortreding ook. Ons het maar nie navraag gedoen na die boek om dit by die Mense regte Kommmissie aanhangig te maak nie !

Met ekstra klasse in Engels by ene mev Wolfaardt en met mnre Louw en Fires, die hoof, se rottang, slaag ek wonder bo wonder standerd vyf en word vreugdevol deel van die eerste klas wat standerd ses hoërskool toe gaan. Ouma beloon my met 'n splinternuwe Rotary pols horlosie. Tevore was standersd ses nog in die laerskool.

Onthou, ek het prakties standerd drie ge-"skip". Diė agterstand kon ek nie inhaal voor matriek nie. Boekpryse en beurse was nie vir my beskore nie. Ek slaag matriek met die slegte nuus dat Fisiologie nie op my lys is nie maar die goeie nuus dat ek vrystelling gekry het, danksy Lappies se Wiskunde. Ek sou "eendag" verder kon gaan swot as dit dan moet.

Skolesport vir my was beperk tot diskus gooi in standerd agt omdat mnr (Pophey) Underhay my baie mooi genader het opdat ek dan nou sulke mooi lang vingers het om die diskus te vat. 'n Derde plek op die interhoër het my moraal goed gedoen. Niemand het my verder aangemoedig of stimuleer vir enige sport of ander deelnames nie; tewens oupa Freysen se uitspraak was klinkklaar: "los die sports en leer". Maar mnr Pottie Potgieter, LO onnie, vra my egter vroeg standerd nege waarom ek nie rugby speel nie. Wat sê man nou ? "Meneer, ek het nog nooit gespeel nie." Totaal onkundig oor die meganika van die spel meld ek aan vir die eerste oefening en Pottie plaas my in die agterlyn. Die bal bereik my van die skrum af en wat maak ek daarmee: van


skrik gooi ek dit reguit vorentoe in die hande van die ander span se agterlyn. Die geskater het my ore net nog pinker gemaak maar Pottie red my verleentheid deur die fluitjie te blaas en my bloot in die voorry te laat druk. Die skool se tweede en eerste spanne het toe darem later 'n volwaardige voorryman gehad. Oupa het seker nie eers geweet ek speel rugby nie.

Toe die lewe dekades later met my woer-woer speel in rowwe turbulensie van 'n mislukte huwelik en 'n kompeterende beroepsloopbaan, lê en wonder ek een nag watter tyd van my lewe was dan nou die beter tyd daarvan. En dit tref my soos 'n bom: die skoolvakansie tye op Soutpanskoppies toe man absoluiut sorgeloos en vry was in ongekunstelde eenvoud. Ek roep die ongelooflike vreugde my voor die gees watter lekkerte altyd in my gemoed was die dag wanneer die skool sluit en ek kon plaas toe gaan. Ek het daardie slapelose nag opgestaan, agter die laptop gaan sit en dit vir Oupa geskryf. Hy was toe al wewenaar en het later in antwoord op my navraag of hy my brief ontvang het net gesê: ja, dankie, en met trane gebêre.

Aktiwiteite gedurende skoolvakansie op die plaas was baie eenvoudig: man werk saam met die span volkies onder wie daar manne van my ouderdom was. Die sweet van graafwerk, sekelsny, skaapwerk ens. saam in 'n span met mede werkers en in die aand 'n lekker moë lyf wat ná 'n bord goeie boerekos man vas laat slaap, reg vir die volgende dag se rondte. En Oupa se werkure was ses dae van die week, lig tot donker. Daar was tye wat die werkery nou nie so druk was nie maar ons was paraat vir wanneer dit was. Die Wet op Kinder Arbeid het toe nog nie bestaan nie. Later het ek agtergekom my dorpenaar skoolmaats sal hierdie tipe aktiwiteit verkies het ver bo die verveling van die heel skoolvakansie op die dorp rond te hang.

Tannie Maria, by wie ek ná Gansfontein loseer het, het my wou spaarsin leer deur elk Dinsdag, wanneer dit spaardag by die skool was 'n ietsie in die hand te stop vir die spaarboekie. Daar was daardie tyd so 'n skema in alle laer skole om kinders spaarbewus te maak. In die Hoërskool het ek totaal daarvan vergeet en toe ek einde matriek haal verneem ek via Ouma dat daar bykans veertig pond in dié boekie is. Dis mos nou die tyd van 'n man se lewe wat hy begin jeuk vir wiele. Dis toe Desember van my matriekjaar en ons gesin gaan kuier op 'n dag by oom Hennie Olivier en gade op 'n plaas in die Sutherland omgewing. En hier staan 'n 1928 model Ford in puik kondisie in die oom se stoor en te koop vir 45 pond. Soos wat die man van Microsoft 'n eeu later besluit het elke Amerikaner moet 'n *personal computer (PC)* hê, het Henry

Ford na die draai van die vorige eeu ook besluit elke Amerikaanse gesin moet ‘n eie motor hê waarna hy die veelbesproke sg *pedal* Ford ontwikkel het. Dié motor, sonder ‘n ratkas, het sy eie stuk geskiedenis want hy is gebou tot 1927 waarna Henry die eerste Ford met ‘n ratkas ontwikkel het. Die ou mense het gepraat van die *gear* Fordjie. Dis toe die Ford wat oom Hennie te koop gehad het maar my ge-*bargain* met die oom vir afslag loop op niks uit nie. Meer oor “my” Ford later…



Die ’28 *Gear* Ford

Wat moet mens ná matriek met jouself doen? So neem groepsdruk en skoolkadet ervaring, waar ek student offisier was, my (vrywillig) na die Leërgimnasium te Pretoria in 1960: die beste ding wat toe met my kon gebeur. Vêr weg van alles wat tevore bekend en inhiberend was. En na dissipline.

## 3 DIE LEÈRGIMNASIUM

Ses van die twintig 1960 Charley Hofmeyr matriekseuns besluit om “Gim” toe te gaan. Drie leër en drie lugmag. Jan Jordaan, Johan de Jager en die uwe gaan leër toe. Op die Pretoria stasie, waar ons vroeg Januarie 1960 arriveer, staan ons verwese tussen die baie rekrute en re-ageer verdwaas op die onder offisiere se gebulder totdat Sers Maj “Perd” van Zyl party van ons skalks onderlangs nader om dan nou te hoor wie van die Kaap af kom. Ek en Jan hoor hom en steek hande op wat ons toe laat beland in die Ligte Lugafweer Troep (LLA) wat later daardie jaar Kaap toe sou gaan vir manoeuvres met die lugafweer kanonne. Wat nooit gesê was nie was dat sammajoor Perd koppe

bymekaar gemaak het met die oog op ‘n goeie aandeel in ons pa’s se KWV kwota’s wanneer ons in die Kaap op manoeuvres is!

Ons makkers van die relatief klein LLA troep (42) het ná veertig jaar eers begin re-unies hou. En met groot fanfare omdat ons eintlik ‘n besondere hegte groepie manne was. Destyds saam lekker afge-*tjop* op die parade gronde, *PT*, wagstaan ens.

Daar was besluit om rondom 31 Mei daardie jaar van 1960, ‘n Uniefees in Bloemfontein te hou. Die destydse Unie van Suid Afrika was toe 50 jaar oud. Behalwe ander deelnemers aan die fees besluit die Weermag dat al drie die gimnasiums sal deelneem. Om dan nou die Gelofte van Sarel Cilliers van lank gelede uit te beeld was daar 12 perderuiters benodig wat donkeraand ‘n laer in die feesarena moet binnery met .303 gewere en dan, ná Sarel se seremonie, skiet-skiet weer daar uit moet jaag. Vroeg in die jaar help Sers Maj Perd met die keurproses uit tientalle perderuiter aansoekers en lei ons met die in-oefening om o.a. die perde gewoond te maak aan die skietery. Ek dink hy het van my bakkies gehou want ek kry ietwat onregmatig plek in die perdry span van 12 wat uit die baie gekies is. Om te kwalifiseer om oorweeg te word vir die perdryery moes jy bevestig dat jy al perd gery het. Oupa Peulie Hugo het op 80 jarige ouderdom steeds sy ou hondmak perd gery waarop ek toe ook lankal as jongeling eendag op ‘n stap so 100 meter ver gery het. Ek hét mos toe al perdgery en verklaar so. Die ander in die uiteindelik gekeurde perdry bende was gesoute ryers. En nou begin die ryery en man moet jou *pose* hou want hier word gedraf, gegallop en geskiet van die perd se rug af. Koue sweet was meeste van die tyd my voorland. Ek het baie skuldig gevoel oor genoemde onregmatigheid maar het maar uitgehou. Die ander ongeveer 1500 gimnasium kwekelinge moes aan ‘n massa vertoning deelneem in PT frokkies in Bloemfontein se minus temperature. Ek was dít darem gespaar want ons perderuiters was in ou boeredrag geklee met genoegsaam onderklere daaronder.



Bella

Ná die Uniefees, gedurende Junie,  kry ons drie weke verlof en daar val ek en Jan in die pad met ons mooi uniformpies aan om te ry-loop Kaap toe.  Meeste van die 1000 Gim manne van Pretoria het dieselfde plan as ons en laat ons lang



Jan Jordaan my duimgooi metgesel Kaap toe

tou staan langs die N1.  Van vroeg die Vrydagmiddag gooi ons die duime en land eers Sondagaand laat op Ceres aan. Die volgende oggend is die epiese tog, per duim,  Soutpanskoppies toe om vir Ouma die uniform te gaan wys.  En hier staan die ’28 Ford onder die peperboom !  Toe het Oupa oom Hennie se arm intussen gedraai tot op veertig pond en ek het wiele,  bietjie primitiewe wiele maar wiele.  Ek en vrinne het nogal pret gehad met die afslaandak motor want hy was Ceres en Kaap toe vir solank die geld vir petrol gehou het.  Toe die Ford begin meer geld kos as brandstof het hy maar in Soutpanskoppies se stoor gestaan waar hy vier jaar later op Oupa se opruim vendusie vir honderd pond verkoop is.  Sy nuwe eienaar, Gerhard Malherbe van die Koue Bokkeveld,  het hom mooi restoureer en ek glo hy het steeds ‘n ere plek êrens. Met Oupa en Ouma se goue bruilof het ons net so ‘n Ford bekom wat vir hulle bruidskar” gery het.

My laagte punt in die Gim was ‘n nag saam met sewe ander makkkers in die DB (Detention Barracks, of te wel, militêre tronk)  en hoogtepunt toe ek darem die Gim se erewag gehaal het.  Die 100 beste dril manne is hier versamel om by pronk parades op te tree.  Jan het die beuel geblaas in die begeleidende militêre orkes.

Die DB ding het só gebeur: Deel van ons sillabus was dan nou ook om te leer om wagte te staan deur die nag terwyl van mens verwag is om steeds die vervelige kanondril sessies gedurende die daaropvolgende dag met volle aandag by te woon.  Toe *jippo* ons agt manne die kannondril een oggend om bietjie verlore slaap in te haal.  Dit was maklik vir Staf van Staden om te sien agt van die veertig man is nie daar nie, hou *roll call* en synde ‘n oud Tweede Wêreld Oorlog beproefde besluit hy dis *close arress* tyd.  Die jong Luitenant het met ons verhoor die volgende dag meer begrip openbaar en ons elk met een pond beboet.  Ons maandelikse soldy was agt pond. Dis nogal *grim* om in daai regte egte tronksel alleen toegesluit te word vir ‘n hele nag lank met al die wrede gedagtes wat daarmee gepaard gaan !

Agterna het ons egter baie grappies gemaak oor diė DB sessie.

## 4 DRIEHOEKSMETING

Êrens in my hoërskooljare staan ‘n landmeter se teodoliet netjies en perfek soos dit hoort,  op die driepoot opgestel bo ‘n staalpen wat in die grond ingeslaan is in die hoofstraat van Ceres met die skietlood wat suiwer onder die

teodoliet afhang tot nėt bokant die pen se senter. Ek het verbygestap en was be-indruk met diė netjiese benadering tot die lewe. Heelwat later toe Gert Lappies daarin slaag om my van Wiskunde te laat hou in standerd nege, het die prentjie van die landmeter met sy instrument by my opgekom.

Daar sou egter heelwat water in die see loop voordat ek ook 'n teodoliet só netjies sou kon opstel en daarmee werk !

Deel van my missie Leërgimnasium toe was om dalk by die Staande Mag aan te sluit en dan nou verder te swot by die Militêre Akademie op Langebaan ten einde beroepsoldaat te word. Maar dié ambisie het redelik gou getaan tydens die jaar in die Gim wat my dan nou die lig gegee het dat al wat oorbly ná die jaar daar in die Gim, is om te gaan boer. Saam met Oupa in die Ceres Karoo.

Maar helaas.

Fanus Rautenbach, gesoute omroeper van weleer, loop in hul jonger dae die jong voortvarende en opkomende Leon Schuster eendag in die SAUK se gange raak en sê "Leon, jy is nie 'n omroeper se gat nie, of, of dalk is jy !?". Ek was nie 'n boer se gat nie, of dalk was ek ?

'n Eks meisie werk by die Departement Lande se afdeling Driehoeksmeting in Mowbray, Kaapstad. Sy wou man dalk nader kry en vertel hom van die opmeters kurses wat Driehoeksmeting aanbied. Ses maande in die Pretoria Tech en ses maande prakties by Mowbray. Dit klink alles baie aantreklik en op 10 April 1961 stap ek by mnr Rutherford, die baas by Driehoeksmeting, se kantoor in met 'n bruin folio koevert onder my arm. Oupa was met groot oorreding sover gekry om die sewejaar kontrak met die staat te mede-onderteken want ek was ver van mondig af. Met my beskeie tassie gepak op Soutpanskoppies en duim gegooi daarvandaan tot binne in Mowbray.

Mnr Rutherford het my natuurlik bietjie ondervra vroeër tydens die onderhoud met hom vir die aanstelling, o.a. of ek daarvan sal hou om te kampeer. Want met die opmeet werk landwyd wat mens sal doen, sal van jou verwag word om te kampeer. Tewens, mens sou 'n toelaag daarvoor kry, sg R & V (reis- en verblyf koste). My antwoord vir mnr Rutherford was baie positief op sy vraag oor die kampeerdery. Verderaan êrens in hierdie geskrif vertel ek dat die eensaamheid met die opmeetwerk later bietjie geplae het. Natuurlik is kampeer vir werk doeleindes en kampeer vir ontspanning doeleindes twee verskillende goed maar die passie vir kampeer se oorsprong was omdat ek as

kleuter en peuter saam met Oupa en Ouma op die trekpad grootgeword het. Ons het voltyds "kampeer" ! En dit was baie lekker daardie tyd.

Losies by die YMCA ("Young Men's Christian Association") in Mowbray, Kaapstad was billik en daar begin my loopbaan as leerling opmeter.

Die afwisseling van halfjaar op Tech en halfjaar in Mowbray was vir 'n jongman baie welkom. Die staat koop die treinkaartjie en daar gaan hy. Dié wat wou, kon 'n meisie in die Kaap aanhou én een in Pretoria !

Ons voltooi jaar drie van die kurses se teoretiese deel end van 1963 waarna 'n ses maande finale praktiese- en produksie taak volg. En die plek wat aangewys word vir dié taak se uitvoer is toe tot my Transvaalse en Natalse maters se teleurstelling en my vreugde, in die middel van die Groot Karoo, nl Carnarvon.

Na voltooiing van die taak skuif drie van ons vier (een is Pretoria toe) terug Worcester toe waar die ander twee maters, PAC Fourie en Ben Schutte een aand tragies in 'n motor ongeluk in Bainskloof saam met Koos van Zyl, 'n plaaslike maat, omkom.

Die opmeetwerk was lekker, stimulerend en uitdagend maar later jare het die eensaamheid wanneer jy alleen in die veld moet vertoef vir weke, man gevang. Veral ná my maters se dood. Geen selfoon, e-pos of twitter nie !

Die opmeet kwalifikasie en ervaring wat man só opgedoen het, het egter later baie handig te pas gekom toe hy wou aanbeweeg.

## 5 UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Jac Schoeman doseer op Pretoria Tech in 1961, tydens ons eerste jaar daar, vir ons Opmeetkunde 1 met sy graad in siviele ingenieurswese. Ek vind sodanig aanklank by Jac dat ek begin dink dit moet seker lekker wees om 'n siviele ingenieur te wees. Dis soos opmeet maar net 'n bietjie beter.

Driehoeksmeting is maar staatsdiens en ek kom gou agter dat jy jou ambisies moet kniehalter anders maak jy dit nie. (Wanneer mens met trekgoed, i.e. perde ens. in die ou tyd in die veld oornag sit jy 'n halter aan elke dier se kop nadat hy uitgespan is en bind die leiriem kort aan die dier se eie een voorpoot se kniekop vas sodat hy/sy nie vrye loop beweging het en dus oornag ver kan wegloop nie – vandaar die "kniehalter"). Mense "kniehalter" graag mekaar !

Terloops,  ek het later verneem Jac het opgeskop en gaan medies swot.  Hoe kan 'n mens dit doen ?

Ek het dan nou hierdie passie om siviele ingenieur te word.

Die  aanmoediging vir my was maar eina.

OK, ek moes in die laer- en die hoërskool pak kry oor luiheid en met mý matriek simbole was daar nie sprake van finansiële bystand nie.  Maar met 'n droom en 'n bietjie motivering hier en daar en met baie beskeie finansiële bystand van Driehoeksmeting en bietjie skelmgeld van Ouma en bystand van Helena wat kan werk, dompel ek my in die ingenieurskurses in.  Die droom wat ek gehad het,  het die deurslag gegee.

Toe het ek geleer dat wanneer 'n bul jou jaag, spring jy oor 'n baie hoë draad ! Anton Rupert het gesê  "waar 'n wil is,  is 'n weg;  die wil raak sommer die weg".

Oupa had pas sy plaas verkoop en ek dink dat ek hom kan vra vir finansiële bystand vir hierdie waagmoedige *swot* plan van my.  Sy antwoord was wat ek verwag het maar net korter: "nee".   Dekades later het ek hom bedank vir sy ferm houding op daardie tydstip want die implikasie van sy antwoord het my net goed gedoen.  Die plaas se verkoop geld was buitendien hulle pensioen en hoe kan ek nou tog aanspraak maak daarop ?

Met die opmeet kwalifikasie en ervaring ex Driehoeksmeting het ek sodanig kontrakwerk by landmeters gekry gedurende universiteits vakansies dat ons later 'n woonstel met motor en telefoon op Stellenbosch (Dorpstraat 102)  kon bekostig terwyl Helena nie werk nie en vir Susan kan grootmaak.  Die universiteits vakansie in totaal saam per jaar is 4,5 maande.  Mens verdien in daardie tyd genoeg om die orige 7,5 maande ook  te kan oorleef.

Die vyf jaar op US was baie stimulerend en ek het baie goeie vriende daar gemaak waarvan Ryno Eksteen nommer een was.



Ryno Eksteen

In die eerstejaars klas van 165 (blanke mans) in 1966 was ek die enigste een met ‘n trouring want ek en Helena is in Desember 1965 getroud.  Ek was so vyf jaar ouer as die mede studente en moes maar saam laf wees daar in die begin as ek *cool* wou wees.

Die studies was veeleisend.  Een oggend,  midde ‘n erge toetsreeks en in gure winter weer op Stellenbosch staan ons tydens ‘n pouse buite en tuur na ek weet nie wat nie. Rook was toe nog mode en die mini vir die dames studente ook.  Een kalant hier langs my breek die stilte met “die mense het vir my gesê man moet slim wees vir ingenieurswese maar hulle het vir my gelieg:  jy moet DOM wees, dom genoeg om lank genoeg aan te hou”

Helena verwag ons eersteling, Susan,  in die vier weke universiteitsvakansie van Julie 1968, my derde studie jaar,  en ek het lekker betalende opmeetwerk vooraf in die destydse Suid Wes (nou Namibië) vir daardie tyd gekry.  Wat nou gemaak want die pot moet bly kook ?   So bly sy by Hannes en Elmie Meyer in Parow oor terwyl ek die skoorsteen moet laat rook.  Omdat die alleenheid van

opmeetwerk mens se moreel so tap, nooi ek vir Ryno saam met as vergoeding 'n deel van die wins en as opdrag om my moraal hoog te hou.

Hy was 'n meester om enige situasie in 'n grap te omskep en was dus goeie waarde vir geld.

Susan is op Saterdag 13 Julie 1968 gebore in die Kaap en in my afwesigheid. Die 14 de Julie maak Ryno en ek klaar in SWA en ons ry deurnag met die Peugeot 403 waarvan die spoedmeter kabel afgeruk is agv deur die veld 4 x 4. Al spoedkontrole was voet-in-die-hoek. Ryno klim op Rawsonville af, ek ry deur Parow toe en ek klop om 07:00 aan Hannes se voordeur totaal onbewus van my vaderskap. Elmie maak die voordeur baie opgewonde oop en wens my sommer al so op 'n afstand geluk met my dogter. Ek onthou kristal helder dat ek omgekyk het gedagtig dat sy met 'n ou agter my praat want die baba wat ek verwag het sou 'n seun wees.

Daar sou nôg twee dogters en drie kleindogters kom voordat die eerste (klein) seun sy opwagting sou maak.

OK, al drie dogters, hul mans en kinders is almal my oogappels. Die seun-wil-hê-ding van 'n man is sommer bos maniertjies.

Ryno en ek se voorneme was om die kurses in die voorgeskrewe 5 jaar te voltooi en ons hét. Al het dit gepaard gegaan met 'n ou afskeep vakkie se sleep hier en daar. Hy het elektrotegniese ingenieurswese ge*swot,* LW nie elektriese ingenieurswese nie want dit is 'n ingenieur wat net werk as hy ingeprop is ! Ryno was later verloof aan Estelle du Toit en het een aand plegtig waar ons privaat was aan my verklaar dat hy nie kinders sal kan verwek nie vanweë 'n siekte wat hy as jongeling gehad het. Hy het dit dan nou met gepaste groot erns glo aan Estelle oorgedra wat dan toe genoë geneem het daarmee. Hulle twee het binne enkele jare ná hul troue saam vier kinders gehad: die laaste een is glo met die *lippies loop* in sy hand gebore.

Ryno is te vroeg oorlede. Hy moes op 43 groet toe die kanker hom baas geraak het na 'n sewe jaar lange stryd. Maar sy opgewekte ge-aardheid kan ek my enige tyd sterk voor die gees roep. Sy persoonlike beleid was dat mens nooit teenoor iemand klae oor 'n siekegeit wat jou plae nie want wat kan diė persoon op daardie moment daaraan doen ? Jy verswaar net die oomblik; maak liewer 'n grappie.

Op 10 Desember 1970 tik Staatspresiedent John Vorster ons elkeen twee keer op die kop met 'n dubblele rolletjie papier waarop staan dat ons nou BSc asook 'n ingenieursgraad het.

Kort na die gradeplegtigheid, waar Oupa en Ouma vanuit die afgeleeë Ceres Karoo teenwoordig was, besoek Oupa se buurman op die Bos, Maans Karsten, hom daar en wil darem nou weet hoe John Vortser vir hom gelyk het. Onthou, Oupa was suinig met woorde en sy antwoord was kort en kragtig: "mens kan sien hy is 'n baas"

## 6 DIE SIVIELE INGENIEURSLOOPBAAN

Ná ons studies voltooi was in 1970 was die Kaap klaar gebou terwyl Transvaal in aanbou was. Met 'n pakket wat een derde meer is in Transvaal as in die Kaap was die keuse vir 'n verarmde, getroude, 28 jarige pa van een en 'n halwe kind, maklik. Ouma se hartseer oor dié afskeid was erg want Transvaal was vir haar baie verder as die maan vir die Yanks daai tyd.

Op 4 Januarie 1971 om agtuur die oggend stap ek by Van Wyk & Louw (raadgewende ingenieurs) in Proesstraat, Pretoria se kantore in. Met twee grade en baie verwagtings. Maar die ontnugtering was groot en om die draai toe die andersheid van *swot* teenoor werk man tref.

Die "halwe" kind, Magdaleen, het ons drie lang weke ná haar berekende geboorte datum laat wag voor sy die eerste lewenslig aanskou het in die Moedersbond op 14 April 1971 in Pretoria. Haar ma moes kasterolie drink om haar aan te moedig om gebore te word.

Na 'n jaar van aanpassings kwalifiseer ek om die firma as resident ingenieur op 'n afgeleeë padprojek (Mooketsi – Giyani pad) te gaan verteenwoordig met baie heerliker vooruitsigte van vry huisvesting en vervoer voordele asook die blootstelling aan die praktiese. Vir drie jaar woonagtig te Duiwelskloof. Gelukkig was die kontrakteur, SJP Krüger, met Chris Karsten, hul terrein agent, wat die bouwerk moes doen en na wie ek dan nou moet kyk, baie geduldig met dié RE (*resident engineer*) sodat hy ook iets van die praktyd kan leer.

Susan was vyf en het altyd baie uitgesien na Saterdagoggende wanneer sy saam met die RE in sy Mazda bakkie oor die *site* kan ry. Magdaleen, die nommer twee en latere siviele ingenieur, was toe nog nie in die wieg gelê daarvoor nie. Sy sou later oor haar eie *site* ry.

Intussen het hul pa gespook met homself oor watter rigting hy met sy beroep moet inslaan. Bly by die firma, dalk verder swot, by ‘n kontrakteursfirma aansluit ? As mens maar net ‘n goeie mentor kon hê. Of dalk beter na jouself kon luister en dat jy hoog moet mik. Vreesloos.

Die Liewe Vader het van een ding baie, en dis geduld met ‘n mense siel.

Op ‘n dag en ná ‘n lang gestoei met myself, trek ek in daai RE kantoor naby Mooketsi myself bymekaar en gaan sit agter die lessenaar met ‘n Faber Castell potlood en skoon A4 skryfblok. En soos ek op US of êrens geleer was, definieer ek my probleem in ‘n paar reëls, skryf ‘n paar oplossings daarvoor neer en kies een: om my eie raadgewende siviele ingenieurs praktyk op te rig en, in belang van ons kinders, verkieslik op ‘n groterige plattelandse dorp en nie in ‘n stad nie. Teen jaar drie van RE-skap klop die geleentheid, by wyse van spreuke, om my eie raadgewende ingenieursfirma te begin aan die deur. Dinge gebeur egter nie so maklik soos klop aan ‘n deur nie. Duiwelskloof, waar ons toe al drie jaar woon, se dorpsraad wil strate laat herbou en teer en wil raadgewende ingenieurs aanstel daarvoor. Ons buurman op Duiwelskloof (nou glo Modjadji’s kloof), Johny Coetzee, ‘n Dorpraadslid, vra my eendag sommer so oor die grensdraad om name van sodanige firma’s aan die dorpsingenieur, oom Daan le Roux, te gaan gee vir seleksie en ‘n aanstelling van ‘n raadgewende ingenieurs firma vir die taak. Dié aand agter ‘n vredespypie met myself bepeins ek die saak en gaan gee die volgende môre vir oom Daan die lysie: met net een naam daarop en wel dié van die uwe.

En dit was die begin van 'n eie praktyk.

Om te klae dat die pad eensaam was by tye is onbillik want dis mos vrywillig gekies. Wat vir eensaamheid gehelp het meeste van die tyd, was maar wat die mede student op Stellenbosch gesê het: jy moet dom genoeg wees om lank genoeg aan te hou.

In hierdie tyd gaan snuffel ek een dag by die CNA op Tzaneen vir my nuwe kantoor benodigdhede en loop daar die boek “Hoe om vriende te maak en mense te be-invloed”, deur Dale Carnegie, raak. Kopsmous boeke was nie toe so volop soos nou nie maar die R7-50 of soiets wat ek vir Dale se boek daardie dag betaal het, het ek elke sent van dubbel en dwars teruggekry. Ek meld hierbo van die gebrek aan ‘n mentor maar in retrospek dink ek nou Dale was die beste mentor wat ek op daardie stadium kon gehad het. Dale het maar net die ou Christelike boodskap kleurryk getooi en baie prakties verduidelik.

Tzaneen is vir ‘n paar redes toe die beter opsie om die kantoor te gaan open. Man is jou eie sekretaresse, posbode, skoonmaker, kortom alles, want daar was geen sprake van skuld maak nie en die onsekerheid het wit in die blom gestaan. Goeie kontantvloei met geen skuld (behalwe op ‘n woning) moes tot elke prys gehandhaaf word. Na twee jaar het Walli Hinze, ‘n baie knap jong tegnikus met Duitse agtergrond by my aangesluit en so het die regering se tuisland beleid van weleer gehelp dat die praktyk stadig maar seker kon groei tot ‘n personeelsterkte van 20 na 19 jaar.

Gedurende hierdie tyd was ‘n vars briesie die geboorte van die laatlam Andrea op 17 Februarie 1978. Die briesie is steeds vars.

Oupa en Ouma se goue bruilof het ons met groot fanfare op 17 Mei 1988 op Ceres gevier. Daar was plegtig ‘n diens in die kerk gehou deur ds Steenkamp waartydens hy mooi en gepas gepraat het om dan nou net weer die huwelik te bevestig waarna ons in die kerksaal ‘n heerlike ete by vonkelwyn kon geniet wat die vroue vereniging aan ons voorgesit het met ‘n toesprakie of wat, kompleet. Daar was ‘n mooi gerestoureerde 1928 Model A Ford beskikbaar wat plegtig as bruidskar gedien het. Daar bestaan ‘n redelik volledige video opname van die geleentheid.



Oupa en Ouma teken die 50 ste “huweliksbevestiging” terwyl ds Steenkamp toekyk



Andries Petrus en Magdalena Maria Freysen

het 50 jaar gelede voor God en voor die Gemeente verklaar dat ons mekaar wettiglik as man en vrou neem. Ons beloof om, vir die res van ons lewe steeds bymekaar te bly, mekaar lief te hê, te onderhou en te gehoorsaam, heilig met mekaar te lewe en mekaar getrou by te staan soos 'n getroue en Godvresende egpaar aan mekaar verskuldig is, ooreenkomstig die uitspraak van die Heilige Evangelie.

Geteken te Ned. Ger. Ceres Vallei Gemeente, Ceres

op hierdie 17de dag van Mei 1988

EGGENOOT

EGGENOTE

GETUIES :

DS. C H STEENKAMP

Die 50 ste “huweliksbevestiging”

Gedurende die vreeslike verkiesing van 1948 het die Nasionale Party (NP) aan bewind gekom en met groot sukses daar gebly tot 1994 toe Mandela se party oorgeneem het.  Maar in die laat sestigs begin Jaap Marais met sy ver regse Herstigde Nasionale Party (HNP) amok maak.  Hy beweer die NP is besig om die land weg te gee.  Hierdie siening onder regse Afrikaners het later jare uitgekring tot by die Afrikaner Weerstands Beweging (AWB).   Gedurende die laat sewentiger jare vestig ek nou my praktyk en raak algaande baie betrokke by die NG kerkraad,  Rapportryers,  die Afrikaner Broederbond en die NP.  Man moet jou gesig wys in die openbaar as jy wil vorentoe gaan met ‘n privaat onderneming soos ‘n raadgewende ingenieurs praktyk.   Dr Andries Treurnicht uit die Waterberge kom sterk na vore en stig die regse Konserwatiewe party (KP) en dit veroorsaak dat die kiesafdeling waarin Tzaneen val binne ‘n baie kort tydjie drie verkiesings hou.  Die oorsaak van een van hulle was dat ons LP, mnr Fanie Botha,  dr Treurnicht uitgedaag het.  Die NP monster ‘n reuse poging met dié verkiesing en stuur 12 gesoute politici Tzaneen toe om met die

verkiesing te kom help.  Een van hulle, Wouter Kritzinger, bly vir twee maande by ons aan huis en Helena werk voltyds en gratis in die NP verkiesingskantoor wat veroorsaak dat ons arme drie kindertjies feitlik verstote en verwese die tyd moes omkry.  Die NP het daardie verkiesing naelskraap gewen.

Die heil van die verloop van so'n raadgewende ingenieurs praktyk is om die balans tussen werklading en personeelsterkte gebalanseerd te hou.  Wanneer daar baie werk is,  is man so betrokke by die uitvoering daarvan dat jy nie kan aandag gee aan bemarking ("canvassing") nie.  Daal die werkloosheid weer op jou toe vanweë ontoereikende bemarking,  moet jy in 'n kompeterende mark probeer figureer.



Freysen & Cilliers kry SAISI toekenning in 1997

Oupa het graag die parallel getrek deur in so'n situasie te verwys na die twee boere in die Boere Oorlog toe die een ná 'n moeisame tyd,  vir sy maat gesê het: "ek gee nou nie meer 'n d.nner om wie die oorlog wen nie,  solank ek net kan huistoe gaan"

Tydens een so'n wanbalans volg 'n stryd in my gemoed oor die pad vorentoe wat lei tot 'n drastiese besluit gedurende 1999 wat ek een Saterdagmôre tydens 'n alleen stappie op die Rooikat wandelpad naby Tzaneen,  neem,   dat dit tyd is vir my om aan te beweeg.  Die nuwe demokratiese regering het 'n paar jaar vroeër oorgeneem en die eise ook tov die verkryging van werks aanstellings vanaf hulle wat daarna na vore gekom het alleen,  was al 'n groot aanpassing vir 'n man wat sg. "uit die apartheid era gekom het".  Ek bedank die Maandag môre as direkteur en as werknemer by FREYSEN & CILLIERS en bevind my eensklaps werkloos…

## 7 EIENDOMS ONTWIKKELING

Mens moet na jouself luister want as snuiter het ek al tydens my skooldae gewonder aan wie behoort al die imposante sakegeboue in Ceres se hoofstraat. Ek het nooit die antwoord gekry voordat ek dekades later pro aktief op Tzaneen beskeie begin werk het daaraan om uit te vind nie.

Mense belê selektief geld in sulke geboue wat hoofsaaklik verhuur word vir 'n opbrengs op hul belegging. Dit klink so maklik soos val uit 'n boom uit maar man moet eers die paar rand hê om te begin met 'n goed oorwoë belegging.

'n Wyse les wat my eers baie later getref is dat die meeste van ons slawe van ons eie geskepte lewensstyl word. Dink nou bietjie: as jongeling begin jy geldjies verdien en soos die tyd stadig loop pas jy algaande jou leefstyl aan by die inkomstetjie beskikbaar. Meeste mense word stokoud en steeds 'n slaaf van sy lewensstyl. Feit is dat as jy jouself verplig om 'n bedraggie maandeliks weg te sit, maak jy iets bymekaar om te belê. Dis al manier om regtig iets bymekaar te maak.

Al die jare van 'n goeie inkomste kry het my verslaaf aan 'n honger lewenstyl totdat ek, gedrewe deur die drang om eiendom te besit wat kan inkomste genereer, een môre gedurende 1994 in Peacestraat, Tzaneen af stap en vir Ryno du Plessis gaan vra of sy erf in Skirvingstraat 28 nie te koop is nie. Die plek se ligging is reg en dit is kommersieel gesoneer maar dit lê in 'n holte waar in die ou tyd vis gevang is. G'n mens sien kans om daar iets te bou nie. Ek betaal bloedgeld vir amper ses jaar aan die verband voordat omstandighede dit moontlik maak om daar te begin bou nadat ek 'n voornemende huurder gekry het. En die spreekwoordelike bul my jaag in 1999 !

Jan Ferreira, 'n eiendoms ontwikkelaar op Tzaneen van formaat en ek hervat ons vriendskap van weleer en hy tree as wonderlike mentor vir my op nadat ek nou werkloos geword het. Jan se sakemetodes tevore was dalk soos wat hulle van Andrew Carnegie geskryf het, ietwat roofsugtig. Ek het baie by hom geleer en kon mos selekteer watter tipe sakemetodes ek dan nou wil gebruik

Die Cessna en die luukse 4x4 waai en in plek daarvan kry ek 'n ligte bakkie en ek word bouer. Watter stimulerende ervaring was dit nie om self aan die bou kant van die projek te wees in plaas van aan die beplannings kant soos al die jare in my beroep as raadgewende ingenieur !

Albert Ramalatsu is my bouer en ons kom sommer goed reg.

Toe die eerste gebou eers opgaan stel meer huurders belang en bou ek nommer twee.  Maar die ekonomie is taai in 2001 en daar lê steeds ‘n groot deel van die erf vakant waarop gebou kan word.  Maar wat en vir wie ?

Jan nooi my saam Kariba toe om  tiervis te vang en strooi te praat.  Maar ook sin, want daarna was dinge nooit weer dieselfde nie.



Jan Ferreira en my Kariba tiervisse

Susan bring Fruit & Veg City (FVC) as moontlike huurder van ‘n gebou wat op daai vakante stuk grond kan opgaan,  onder my aandag.  Die FVC francisor mense sê dis OK maar  wie is die francisee ?   Ek soek,  maar tevergeefs totdat die FVC man my vra maar hoekom doen ek dit nie !  En daar word hierdie ingenieur feitlik oornag  ‘n groente en vrugte smous.  Weer die bul wat jaag.

Teen Junie 2002 is die winkel spiekeries opgerig en in bedryf alles soos die franchisor sê maar loop teen tien duisend rand per week verlies.  In 2002 was dít baie geld.  Man het nie winste binne die eerste jaar verwag nie maar dit was nogtans eina.  Wonderbaarlik kom maak Kobus Bekker van FVC Potgietersrus na drie maande ‘n aanbod vir die winkel.  Ek moes my ten dode inhou om nie voor hom op en af te spring van blydskap nie.  Gemaak beswaard verkoop ek die winkel teen kosprys aan hom.  En daar het ek ‘n gebou op die vakante grond met ‘n puik huurder in,  vir tien jaar.  Dis al wat ek eintlik wou hê.

My persoonlike lewe het intussen sodanig geskommel dat ek sedert 2001 en gedurende die hele FVC episode alleen gewoon het. Dit is 'n ander hoofstuk in 'n ou se lewe wat elders hoort. Maar toe kon ek onbevange alle aandag aan FVC gee.

Terloops, bykans dertig jaar nadat ek in my RE kantoor naby Mooketsi die oplossing vir my probleem van daai tyd uitgeskryf het met die Faber Castell potlood, sit ek alleen op reis êrens agter die stuur van my bou bakkie en wonder oor dié deel van die besluit destyds om my praktyd op 'n plattelandse dorp te vestig. My verwondering gaan toe daaroor of die drie meisie kinders ooit erg gehad het daaraan. Ek skryf net daar die volgende SMS aan al drie: "Op 'n skaal van nul tot tien: hoe bly is jy dat jy op die platteland kon opgroei ?". Binne 'n kwartier is daar drie identiese antwoorde: "tien". Knop in die keel.

Nog iets oor die kinders. Oupa se invloed op my tov spaarsamigheid het seker tot gevolg gehad dat ek iets daarvan ook aan ons kinders wou deurgee. Ek het as kind nie die begrip sakgeld geken nie maar besluit dat die drie spruite van ons deurlopend fondse kan kry maar op 'n ander manier as die gewone sakgeld ding: hulle ontvang elkeen die end van elke maand 'n sg honorarium waaruit hulle alles wat hulle benodig moet koop, uitgesonderd natuurlik losies, reiskoste, toiletbenodigdhede en mediese versorging. Slegs die eerste stel skoolklere word voorsien. Desembers kry hulle 'n "dertiende tjek". Ek en hulle ma het 'n afskatting gemaak wat so 'n honorarium moet werd wees en dit algaande en na verdienste aangepas. Ek het nooit agterna gehoor dat hierdie sisteem hulle nie geval het nie maar waarvan ek wel oortuig is, is dat dit dalk 'n verskil gemaak het in die hantering van hul eie geldsake later in hul lewens want ek het tot op datum nog nie van geldelike tekortkominge van een van hulle gehoor nie

Na matriek is dit post matriek studeer tyd en nou moet die honorarium reëling opgradeer word. Weer word die toepaslike honorarium om 'n konferensie tafel uitgewerk en is van toepassing plus natuurlik klasgelde, losiesgelde, mediese onkoste, en vervoer koste huis toe en terug vakansies. Susan, die eersgeborene, skryf in by Tukkies vir fisioterapie 1 met die wete dat daar geen vervoer vanaf die koshuis na die HF Verwoerd hospitaal toe vir prakties in die eerste jaar benodig sal word nie. Op dag twee van die akademiese jaar bel sy egter angsvallig dat dinge verander het en hulle wel die klomp kilometres HF Verwoerd toe feitlik elke dag moet aflê. Openbare vervoer soontoe is buite die

kwessie en al genade is om die paar maters wat wel motors het se karre vol te pak. Hulle was toe glo dié dag 11 in een maat se Golf kar. Dag drie kom die rapport: daar was verligting, een maat het opgeskop of iets en dié dag was hulle net tien in die Golf. Ons moes die honorarium ingrypend aanpas en motor voorsien…

Toe Oupa lank terug in 1964 sien die enigste seun van hom kom nie boer nie, verkoop hulle Soutpanskoppies en hou hulle vendusie van die res. Na enkele maande koop hulle Die Bos in die middel van die Tankwa Karoo waar hulle toe maar dieselfde ding gaan doen as op Soutpanskoppies maar net op 'n baie kleiner skaal.

Ouma se gesondheid het rondom 1974 begin taan en nadat hulle in Porterstraat 22, Ceres geruime tyd gewoon het word hulle van die eerste inwoners van Ceres Tuiste, 'n nuwe aftree oord, waar sy in 1990 oorlede is. Oupa het daarna nog 15 jaar geleef.

Toe hy my vroeë op my veertigste verjaardag per brief, wat 'n rariteit was, gelukwens was sy gepaardgaande opmerking dat 'n man "eers op vyftig mooi groot is." Van kindsbeen af was ek en hy nie *close* nie maar so skuins ná Ouma se dood word ek 50 en toe maak ek en hy op vir al die verliese want ek kwalifiseer mos toe… Man is nou groot. Ek het so dikwels moontlik vanaf Tzaneen op Ceres vir hom kom kuier en dit was elke keer 'n fees. Onthou, hul eersgeborene, Appie, vernoem na Oupa se pa, is op 4 jarige ouderdom oorlede. Hy was volgens alle aanduidinge die boer van ons twee. Ek vertolk nou Oupa se gebrek aan erg aan my was maar oor ek nie die skaap in die kraal se hek so goed kon keer soos Appie nie. Boonop het ek Oupa se skoonpa se naam gekry.

Maar dié goed het later weggewaai, hy is oorlede en nou sit ek hom en verlang…

Oupa vertel iets van sy skoonpa se liefde vir honde. Hy het by tye sommer maklik agt honde op 'n keer aangehou. Dié oupa van my was vroegjare al baie hardhorend. Oupa, oom Karel van die buurplaas en oupa (Peulie) Hugo sit tydens almal se jonger dae onder die peperbome buite die opstal op Juriesfontein en koffie drink. Oupa Peulie hoor nou seker nie lekker wat die twee jonger manne praat nie maar maak toe darem ook 'n stelling deur vir hulle te sê dat as hy net bietjie jonger was hy darem vir hulle sou gewys het hoe man moet boer. Oom Karel mompel so sagweg dat oupa Peulie nie hoor

nie “hy sou seker net ‘n paar meer honde aangehou het”. (Karel was oupa Peulie se broerskind)

Oupa vertel ook lakoniek van hul almal se jongmensdae op Ceres toe daar dan nou ‘n kalant met ‘n alkohol probleem ook daar rond was. Eendag toe hy weer daar tussen ‘n klompie van hulle rond is en goed onder die prop was, gooi een van die nooiens hom met: “ag loop man, jy’s dronk”. Heel gevat draai hy na haar met ‘n sleeptong antwoord: “dink jy altemit dish lekker om dronk te wees ?”

Tydens sy jare alleenbly tyd ná Ouma se dood het Oupa geredelik vriende gehad wat kom draai maak het daar by hom in Ceres Tuiste. ‘n Sopie KWV kon die geselskap verder opvrolik. Maar hierdie vriende kon Oupa nie een oorleef nie. Hy het in ligte luim eendag teenoor my opgemerk dat sy vriende hom *drop* want hulle gaan dood, die d.nners.

Sondag middae klokslag twaalfuur het ek hom gebel van Tzaneen af. So kondig hy een Sondag aan dat hy nou weer ‘n pêl het en dís tant Breggie. Ek het hom met groot gebaar gelukgewens en onderneem om sommer binnekort die pêl te kom ontmoet. Daar was in die familie egter omstredenheid rondom hierdie verhouding want tant Breggie en sy jonger broer, oom Baas, was bykans 50 jaar tevore getroud en geskei ná ‘n ongelukkigheid rondom die vaderskap van hul eersgeborene. Tant Breggie was later met oom Lood getroud en ‘n weduwee tydens my ontmoeting met haar. Sy was ‘n ware vriend vir Oupa en het hom wrintiewaar so ver gekry om per Boeing vir ons te kom kuier in Transvaal én saam in my Cessna Centurion verder te vlieg !



Maar helaas het dié vriend hom ook gedrop toe sy tragies in 'n motor ongeluk in Gydo pas oorlede is.

Hy is later met tant Anna van As getroud toe hy al oor die 90 was en dié het hom darem oorleef.



**OUD maar glad nie koud nie...** *MNR. Andries Freysen van Ceres Tuiste wat in Mei vanjaar 91 jaar oud word, het op 15 Januarie die groot stap geneem om weer te trou met Anna van As van Moorreesburg. Die huweliksbevestiging is deur emeritus leraar ds. Jonker waargeneem. Ongeveer 30 familielede en gaste het die geleentheid bygewoon en die onthaal daarna wat ook in Ceres Tuiste gehou is. Dit is die eerste huwelik wat in Ceres Tuiste bevestig is sedert die stigting in 1986.*


Oupa en tannie Anna trou 15 Jan 2001

Oupa het met twee struikelblokke in sy lewe moes saamleef: 'n spraak- en 'n loop problem. Met vandag se mediese bekwaamhede sou mens die goed kon hokslaan maar toe hy as jong man flink moes loop en praat was dit nog nie beskikbaar nie. Die knië is vervang toe die skaduwees al lank was maar het wel verligting gebring. Wanneer hy gepraat het moes jy mooi luister anders mis jy uit.

Hy en Ouma lê mooi netjies in Ceres se begraafplaas langs mekaar begrawe met die Bybeltekse op hul gesamentlike grafsteen soos deur hulle bestel:

Syne: II Tim 4:7: Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.

Hare: Jes 43:1: Ek het jou op jou naam geroep, jy is myne




Oupa en Ouma se grafsteen in Ceres kerkhof

Met die perseel in Skirvingstraat 28, Tzaneen ten volle ontwikkel en verhuur soek man verdere weivelde. Dalk Pretoria toe maar ‘n ontmoeting met ‘n vreemdeling, Gerhard van Niekerk van Somerset Wes, op die vliegtuig terug van Oupa se 94 ste verjaardag in 2003 laat my “terug” keer Kaap toe ná 33 jaar. Hy lei my in die opkoop van ouer wonings in die “regte” buurt in Somerset Wes, die opknap daarvan en verkoop aan voornemende vakansie gangers veral uit Europa.

Met my alleenblyery naderhand nie meer snaaks nie kruis my en Stella se paaie en lui die huweliksklokkies op 24 April 2004. Sy het haar wortels op Tzaneen uitgetrek en ingetrek saam met my en ons drie honde te Oldenlandstraat 71, Somerset Wes.

Die huis opknappery was ‘n total nuwe scenario vir ‘n siviele ingenieur op 61 maar baie interessant en baie stimulerend. Die betaalbaarheid van hierdie tipe projek was maar baie beskeie veral nadat die verkoops agent se kommissie en die Ontvanger van Inkomste se deel van die wins afgetrek is.

Tydens die pogings om ‘n koper vir so’n pas voltooide huis te werf, stap ‘n meer senior eiendomsagent een dag daar by die huis in en verklaar opgewonde aan my dat dié huis hom ‘n *nice feeling* gee. Toe al taamlik ongedurig omdat ek nie vinnig genoeg na my sin ‘n koper kry nie, wil ek geïrriteerd by hom weet wat hy bedoel met *nice feeling* want ek soek ‘n koper en

as *nice feeling* dan die verskil kan maak, hoekom werk dit nie.  Hy kom staan baie rustig en geduldig voor my en vra of ek nie weet dat alles wat mens koop, jy dit doen omdat dit jou 'n *nice feeling* gee wanneer jy dit doen nie !  'n Mooi knipmes,  motor,  klere ens ens.  Wie sal nou iets wil koop as dit jou nie 'n lekker gevoel gee wanneer jy dit doen nie.

My soektog na kommersiële eiendom hier in die Kaap gedurende 2005 nadat die huisopknap projekte my nie meer geval het nie, soortgelyk aan die een op Tzaneen,  was vrugteloos.  Mens sal landbougrond moet koop, moeisaam, duur en riskant moet probeer hersoneer en dan verder gaan.  Ek het met so'n oefening so ver gekom as om die regte stuk grond gehaak te kry in Langverwachtpad,  Kuilsrivier maar Checkers spreek toe eendag baie gesofistikeerd die vonnis oor my uit: Ek het nie die finansiële aptyt daarvoor nie.  Jare later en nadat daar bietjie water in die see geloop het, het ek besef dat my visiere te laag gestel was:  ek sou kón as die bul my hard genoeg gejaag het.  Maar dan sou Prinshof nie kon realiser nie.

Met die aptyt vir kommersiële eiendom onder die brug deur wend man toe maar sy skrede na nywerheids eiendom. En so bou Albert Ramalatsu se seun, Philemon,   van Tzaneen vir die Freysen Trust twee fabrieke wat verhuur word in 2006/7 toe die banke se geld by hulle ore uitloop.  Die ekonomie was goed en albei was verhuur voordat die bouwerk voltooi was.

Intussen was Stella se twee meisiekinders se bromponie oorbodig en word verkoop.  Die transaksie ly skipbreuk toe die koper niks betaal nie,  die bromponie lekker opneuk en doodstil bly.  Ek herwin die ponie in die grote Gauteng,  voer hom af Kaap toe en met die nodige TLC (*tender loving care*) plaas ek hom terug op die pad.  Natuurlik totaal onbedrewe met tweewiel voertuie,  koop ek 'n valhelm en leer myself,  bra bewerig,  *scooter* ry.

My hartsverlange oor dekades heen vir BMW motorfietsry kom nou tot uiting toe ek in September 2006 oë toemaak en 'n splinternuwe R1200ST uit trek en op 64 jarige ouderdom begin motorfiets ry.  Met baie groot piëteit en nederigheid is die oefening aangepak wat in die jare wat sou kom,  baie vreugde en uitdagings sou bring.  Die R1200ST is later met 'n R1200 GS vervang wat meer grondpadvriendelik is. Tobie Wiese stel 'n pragtige boekie, die Bike Boek, saam met op die voorblad die woorde:  Die Vryheid,  die Vreugde,  die Vrees…

## 8 PRINSHOF

Ek het vertel van die tyd van my lewe toe dit met my goed gegaan het: die tyd toe ek gedurende my skooljare onder my ouers se vlerke op Soutpanskoppies kon gedy. Hierdie heerlike herinnering het my onbewustelik al die jare bygebly want die hunkering na die Groot Karoo was deurentyd daar. So beluister Stella my passie vir plaaskoop in die karoo en konfronteer my op ‘n goeie dag daar in die groot Karoo op die Vissers se plaas met “nou wat doen jy daaromtrent ?”

Soos gesê, die banke se geld loop toe by hulle ore uit, en ons begin plaas soek. ‘n Plaas is ongelukkig nie ‘n ding wat jy van Pick & Pay se rak af gaan koop nie. Net om een plaas te bekyk neem drie dae. Een naby Klipwerf in die Hantam anderkant Calvinia geval ons maar die koop val deur die mat. Algaande begin ek bietjie spoed verloor totdat Jan Ferreira tragies verbrand in ‘n frats ongeluk, sterf en ons sy gedenkdiens op Tzaneen gaan bywoon.

‘n Fel besef van positiewe optrede tov dít wat mens graag nog wil doen of bereik voordat die noodlot anders besluit, neem op pad terug vanaf Jan se gedenkdiens op ‘n stadium binne minute van my beheer en ek bel ‘n agent wat Hugo lankal vir my gegee het. Binne enkele dae besigtig ons Prinshof, 50 km anderkant Sutherland, en binne twee weke teken ek namens PFF Trust die koopbrief.

Dis toe soos die storie van die Foksterreir hondjie wat altyd die karre, wat verbyry, so gejaag het. Sy baas het gewonder wat hy met die kar gaan maak die dag as hy hom vang.

Ek en Stella hét toe die kar gevang en moes iets met hom maak.

Die agtergeblewe woning te Prinshof se opknapping, die plaas se vervalle infrastruktuur, die aankoop van skape, die meubilering van die huis, die verkryging van bruikbare werksmense, die aankoop van implimente vir lusernwerk ens. ens het ons vrywaar van verveling vir jare. Dit was ‘n lekker, konstruktiewe uitdaging.



Prinshof opstal soos deur Minnie Gerber geskilder

Ons ou huwelikkie was maar drie jaartjies oud toe ons daar intrek en ‘n hele agt jaar oud toe ons daar uittrek. Die kuiers van vriende daar was lekker maar veral dié van al die kinders was die toppunt. Ons besef dat dit vir hulle almal, veral vir die kleinkinders, baie lekker was en agterna ‘n groot gemis is.

Ek en Stella was deurentyd bewus dat ons nie op Prinshof gaan ou bene maak nie. Dienste was bitter ver en oor sleg paaie beskikbaar, wat nog te sê van mediese dienste wanneer mens lank begin leef en dit belangriker raak om medies versorg te wees. Wat uiteintlik die nekslag vir ons was, was die isolasie, ongediertes en sleg paaie. Die pelle en kinders kom gemiddeld elk hoogstens een keer ‘n jaar kuier, die ongediertes elke nag ! Dít was later nie meer snaaks nie en toe daal die groot boerdery be-eindiging op ons neer. Die plaas, vee en implimente se verkoop was redelik maklik maar om eervol van al die huisgoed ontslae te raak, was anders. Maar ‘n relatief vrygewige hand vir almal daar rond met die huis goedjies het die saak besleg en trek ons terug na Magnoliastraat 5, Somerset Wes wat ons al die jare net so met meubels en al behou het as ons sg “dorpshuis”.

Mense wat verneem ons het naby Sutherland gewoon, ril en vra wat van die koue ! Op ons lysie van besware was daar nie eers so’n item soos kouete nie. Ons antwoord vir koue is klink klaar: trek jou warm aan, verhit jou kuier hoekie in die aand met baie vuur, drink lekker wyn en klim in ‘n elektries

verwarmde bed in.  Met so te sê geen misdaad gevaar,  geen verkeer lawaai of ambulans geloei is ‘n goeie nagrus gewaarborg.

Op Prinshof was Stella se dagtaak dié van tuiste skepper,  diaken, kruideniersvoorraad houer vir die volkies, mediese ordenans vir mens en dier en van hanslammers grootmaak. En my taak om saam met die volkies te boer. Lusernwerk het o.a. trekker dryf behels en dís waar ek die baie dink tyd gehad het.  Om terug te loop op jou spoor en mense se doen en late in jou kop uit te pluis.  En dit sluit jouself in.

Bv: Moet mens se kleinkinders werklik weer al die foute wat jy gemaak het, oor maak of kan mens hulle nie onder oë kry en mooi voorlig om dit nie te doen nie ?  Stella sê: “Nee, los dit en gee hulle net liefde”.

En die Liewe Vader

Hy is ABSOLUUT.  Hoe kan mense hoegenaamd Sy bestaan betwyfel ?

Watter ongelooflike mosie van wantroue is dit om Hom nie te vertrou nie ?

En hy IS liefde, *nevermaaind* lief vir ons

Ens. ens.

Toe arriveer ons terug in die Kaap die Goeie Hoop.

Ek word 70 en ons hou partytjie. Gemeet aan oupa wat 96 gehaal het en aan my puik gesondheid het ek steeds ‘n kwart eeu om te gaan.

Wat nou ?

As gevolg van  gulle aanmoediging van Susan,  Magdaleen en Andrea besluit ek om hierdie skrywe te skryf.  Tot sover was die draad van die storie min of meer chronologies maar nou volg ‘n paar dinge van belang wat allerweë hierbo inpas.

## 9 KINDERS

Die hoofrolspeelster, Shaleen Surtie-Richards,  in die fliek wat baseer is op Dalene Mathee se boek,  FIELA SE KIND, het op ‘n kritieke punt van onreg wat aan die kind in die storie gedoen is,  uitspraak oor die situasie gegee deur te sê: “Die onreg wat jy ‘n kind aandoen,  sal God jou nooit vergewe nie”.

Hierdie stelling het my permanent aangegryp. Die Liewe Vader het dit toe verder goedgedink om my die biologiese vader van drie puik dogters te laat wees, en later die twee van Stella s'n deel van die prentjie te laat word elkeen van die vyf met 'n eie man en in totaal tans al tien kleinkinders. En met al twintig gaan dit so goed dat mens jouself telkens moet knyp om te onthou om die vreugde daarvan opnuut in te drink.

John Vorster, eerste minister van weleer, het daardie tyd ook oupa geword en toe 'n stelling gemaak wat publiseer is, nl: "a grandchild is God's gift to an old man". Ek onderskryf die stelling heelhartig behalwe dat ons maar die woord "old" daaruit kan weglaat.

## 10 MOTORS EN VLIEGTUIE

Die 1928 model Ford motor was die eerste een maar kon nie werklik diens doen as behoorlike vervoermiddel nie. Dit was eintlik maar net 'n antieke versamelstuk. Met die Ford en die veertig pond onder die brug deur is ek nou later leerling tegnikus by Driehoeksmeting met 'n skamele inkomste. Maar sonder wiele gaan die lewe ongemerk by jou verby en ek besluit *come hell or high water,* ek gaan 15% van daai skamele inkomste maandelike in 'n spaar rekening sit óp betaaldag, onaantasbaar. Die res moet hou tot die volgende betaaldag. Na 8 maande se spaargeld en ook bietjie van Ouma kon ek 'n Fiat Cub aanskaf. Dié Italiaans vervaardigde tweesitplek karretjie, ook bekend as die Topolino, se masjien kapasiteit was maar 500 cc maar mens kon oor die weg kom. Die volgende stel wiele was die eerste een van vyf Peugeots namekaar wat hulself baie goed gedra het. Onder andere twee stasie waens waarin die kinders, toe nog klein, kon lê en slaap wanneer ons die lang pad van Tzaneen, waar ons in 1975 gevestig het, Kaap toe aanvat om vir die familie te gaan kuier oor Kersvakansies.

Toe die kinders kon begin regop sit en slaap, het later ander fabrikaat motors gevolg waarvan die aankoop maar dikwels die gevolg van die GJ (g.t jeuk) faktor was. Dis boonop belasting vriendelik omdat dit vir man se werk aangewend word.

Ek, en later saam met die gesin ook, het 'n paar motor ongelukke wonderbaarlik oorleef en skotvry gekom behalwe dat ABSA Makelaars later versekering vir die nuwe motor weier: hul risiko was te groot. Ter versagting moet ek darem sê dat die skuld grotendeels nie myne was nie. Wat die verskil

gemaak het is dat man later maar net meer *wide awake* geword het vir die onverskillighede van die ander padverbruikers.

In die laat sewentigs is die Amerikaanse doller maar 75 van ons sente, i.e. ongeveer 13 keer beter as nou. Om 'n goeie tweedehandse Amerikaanse vliegtuig aan te skaf het min meer gekos as 'n goeie motor en met 'n lewendige en bekwame vlieginstrukteur, Phil de Jager, wat 'n passie vir vlieg het, in die rondte was dit relatief maklik om daar op Tzaneen te leer vlieg. Omdat ek toe al in my laat dertigs was het ek maar opge-eindig as 'n taamlike bang vlieënier en was my ontkomings dalk nie so nou soos wat ander ouens s'n was wat 17 jaar oud was toe hulle leer vlieg het nie. My eerste vliegtuig, 'n Grummen Trainer was 'n tweesitplek en maar taamlik onkapabel maar toe kom nr 2 en dit was 'n Cessna Cardinal RG met vier sitplekke. Ons besluit nou kan ons die Peugeot kortstondig verruil vir die Cardinal met ons volgende tog Kaap se familie toe. Die onbekendheid van so 'n lang vlug was 'n groot onsekerheid maar ek nader Phil vooraf vir bietjie troos en dalk 'n wenk of wat. Sy antwoord was baie eenvoudig: jy vlieg van A na B na C op die vliegkaart: jy is mos geleer om tussen twee punte te vlieg ! Wat 'n goeie les was dit nie later op ander terreine in mens se lewe ook nie! Die drie meisiekinders moes hulself met twee sitplekke se gordels vasmaak en daar trek ons. April 1981, die weer was goed en die vlug soontoe en terug sommer baie vinniger as met die Peugeot.

Gedurende die vroë tagtigs besluit die wêreld se brandstof voorsieners om ons te boikot. Dit was dalk oor ons politiek nie na hulle sin was nie maar toe moes ons regering plan maak en kondig erge brandstof besparings maatreëls aan. Geen brandstof aankope gedurende die nag nie en maksimum spoed vir alle voertuie is 80 kmh. Met vliegtuig brandstof was daar egter geen beperkings nie en toe vat die privaat vliegery vlam: brandstof altyd beskikbaar en geen beperking op spoed nie want wie gaan dit kan toepas daar bo in die lug ?! Met 'n gesin te groot vir die vier sitplek Cardinal gaan man aan en kry die lekker vinniger ses sitplek Cessna Centurion: ZS-LBH. Teen 300 kmh was die Kaap nou nog nader.




Die volgende Cessna Centurion

Tzaneen omgewing is ‘n pragtige plek maar nie om dowe neute nie. Die plek het ‘n hoë reënval wat dikwels gepaard gaan met lang periodes van bewolkte weer, veral lae wolke. Met die Wolkberg reeks wat Tzaneen skei van die hedendaagse Gauteng was dit ‘n lastigheid wanneer jy ‘n vliegtog beplan het en wanneer die oomblik aanbreek om te vlieg, laat die weer dit dikwels nie toe nie. Die enigste oplossing daarvoor was om die sg. Instrument Gradering (“Instrument Flying”) te kry wat prakties beteken het mens word opgelei om mbv die vliegtuig se instrumente in die wolke te vlieg en natuurlik ‘n veilige landing te maak midde van bewolkte weer. Die verkryging van die teoretiese kwalifikasie by Dept Burgerlike Lugvaart vir die Instrument Vlieg kwalifikasie was ‘n yslike berg om te klim maar ‘n klomp van ons is daar deur en toe is man nog ‘n trappie hoë op die vliegleer.

Vir sake besoeke verder as 100 km was die vliegtuig die aangewese vervoermiddel. Vér plekke soos Gauteng het my vir jare nooit gesien in ‘n eie motor nie want vlieg was soveel aantrekliker. En boonop baie belasting voordelig. Die totale aankoopprys van ‘n vliegtuig is belasting aftrekbaar oor vier jaar asook natuurlik alle brandstof en ander verwante uitgawes. Algaande het die wisselkoers tussen ons rand en die US doller verswak sodat man ‘n vliegtuig altyd teen ‘n wins verkoop het.

Intussen was die grensoorlog aan die gang en ouer mans het moreel verplig gevoel om ook beskikbaar te wees vir militêre diens deur by die kommando’s aan te sluit. Ek was nou nie baie lus daarvoor nie want ek het my jaar

vrywillige diens in die Gim gedoen maar gelukkig verneem ek van die Lugkommando en toe gaan daar ‘n ander deel van die vliegwêreld vir man oop deur vir die Lugmag militêr te vlieg. Dit geskied met jou eie vliegtuig teen vergoeding darem. Mens tel kosbare vlieg ondervinding langs dié weg op en ontmoet ook interessante mense. Omdat Lugkommando vlieëniers hoofsaaklik aangewend is om binnelandse personeel te vervoer het man van die top weermag mense dikwels moes vervoer en so hulle leer ken. Een van hulle was Genl George Meiring, ‘n baie puik persoon, wat later die hoof van die Weermag geword het. Ek het hom en van sy personeel dikwels rondgevlieg. Die modis operandi wanneer mens as kommando vlieënier ‘n instruksie telefonies ontvang vir so’n taak word die aantal passasiers asook die op-en aflaai punte en natuurlik die datum en tyd van die vlug aan jou voorsien. Ek weet nie hoekom nie maar die klerk wat bel was dikwels onduidelik oor die tyd: was dit jou vertrektyd wat verskaf word by jou eie basis of daar waar jy die passasiers moet oplaai ? So gebeur dit dat ‘n opdrag my bereik om die Generaal op Pietersburg Lugmagbasis (Ptbg LMB) op te laai nadat ek die oggend om 08:00 vanaf Tzaneen vertrek het, volgens opdrag. Wat toe verkeerd was: ek moes die Genl al 08:00 oplaai. Ek land skuins voor 09:00 baie selfvoldaan oor ek so betyds is te Ptbg LMB met ‘n kwaai Genl wat staan en wag. Hy groet my met “Piet, jy is in die k.k ! “ My verduideliking het nie eintlik afgegaan nie. Maar ek dink ek is een van die min mense vir wie ‘n persoon met ‘n generaalsrang al só gesê het.

As tweede in bevel van Eskader 102 met ‘n majoorsrang, bedank ek maar die Lugkommando rondom 1993 toe dit vir my voel die oorlog is nou verby genoeg.

Gevra oor noue ontkomings ? Gereserveerd, ja, maar altyd wanneer mens nie hoog genoeg vlieg soos wat jy geleer is nie. Die gevaar is op die grond en nie in die lug nie, dit lê in die hoë punte, veral torings, op die grond waar mens onder deur die wolke probeer kom voor die dae van instrument vlieg.

Later toe die snelweg van Pietersburg na Pretoria voltooi was en mens amper vinniger per motor die afstand kon aflê, die grensoorlog verby was en die Lugkommando betrokkenheid oorbodig geraak het en mens Kaap toe baie vinniger en goedkoper in ‘n Boeing kan vlieg (terwyl jy ‘n bier drink – alkohol saam met selfvlieg was taboe) het ek dit goed gedink om die vliegtuig te verkoop en die geld in grond te steek. Met baie heimwee, natuurlik. Die Vreugde, die Vryheid die Vrees. (sic Tobie Wiese oor bikes)

## 11 JAG

Met motivering om dan nou kliënte van die ingenieursfirma te trakteer met jaguitstappies was dit ‘n baie heerlike uitdaging om mens in die jagkuns te skoei en lekker jaggewere en ander jag benodigdhede aan te skaf.

So’n klomp manne op ‘n jaguitstappie kon soms lekker uitrafel en die grappies wat daar uit gekom het bly mens steeds lank nog by.

So gebeur dit dat Louis Theron, een van ons gewaardeerde kliënte en ondeunde Noord Transvaal (nou Blou Bul) slot van weleer, dan nou toe vir ons nooi na tant Pop se plaas gunter in die Bosveld. Wat die uitstappie aantreklik maak is dat daar geen kampfooie betaalbaar is nie: net die bokke wat jy skiet en wel teen ‘n billike prys per gewig. Ek en Louis ry die Vrydagoggend vooruit na die plaas en burger daar in terwyl ons wag vir die res van die bende wat op pad is. Ons gaan ook sommer gou ‘n draaitjie ry want man loop dalk al iets raak. Ek laai hom op ‘n punt af en jag tevergeefs verder saam met die enigste spoorsnyer op die plaas. Terug by Louis staan hy trots by die karkas van ‘n pragtige rooibokram met net een horing. Hy het die bok agter ‘n heining geklits maar *so what* ? Ek vra ook maar nie uit nie want hy is mos die gasheer wat die wêreld moet ken.

Die ander makkers daag laatmiddag op en ons kuier lekker behalwe dat niemand enige wild raakloop nie. Saterdag *brunch*tyd daag daar ‘n SAP vangwa met twee polisie manne op, op soek na beweerde wilddiewe. Onder andere ook na Louis Theron. Wilddiefstal ‘n baie ernstige oortreding, sodanig dat jy benewens ander strawwe ook konfiskering van jou voertuig en jaggeweer in die gesig staar. Louis roep my senuwee-agtig eenkant toe met slegs: “kom Piet, ons het nou groot k.k“.

Die polisiemanne ry vooruit en ons volg met Louis se bakkie na die buurplaas. Ons word in die huis aan die oom en sy vrou voorgestel en neem plaas. Die atmosfeer is ys: die oom is onstuimig want iemand het sy troeteldier doodgeskiet en dit blyk ons te wees. Die grote eks N Tvl slot frommel sy *army* hoedjie senuweagtig en poog om stamelend en sukkelend te verduidelik dat hy vanweë onkunde tov die omgewing die bok geskiet het ens ens. Maar die oom bly kwaai totdat sy vrou baie kalm en beredeneerd tot die gesprek toetree. Sy stel voor ons betaal maar net vir die bok en dis dit. Sy praat nog, toe is my tjekboek al uit. Maar die atmosfeer is ysig. Niemand het toe iets

meer te sê nie.  Ons groet en skuifel druipstert daar uit, elkeen sy koers en ek en Louis in sy bakkie sonder ‘n woord.  By die eerste hek stop hy vir my om dit oop te maak en klap my hard maar goedig met daai N Tvl hand (met piesangs vir vingers) op die knie met:  “ou Pieta, as dit darem nie vir my *charm* met daai vrou was nie was jy vanaand met jou gat in die tronk”

*Say it with humour*

Soos die tyd aanloop en nadat ek die ingenieursfirma verlaat het,  was die jaggeleenthede vir my nie meer so geredelik beskikbaar nie.  Plekke om te gaan jag is wel daar maar nie almal na jou sin nie of dalk andersom: jy is nie na die sin van die jagheer of die mense wat saam met jou gaan nie.  Ek begin voel-voel so onder die drie skoonseuns maar Paul,  die meer senior,  was in 32 Bateljon op die Angola grens in die grensoorlog ‘n leiersfiguur en wil nie praat daaroor of oor skiet nie.  Met die tyd maak hy egter vriende met Jan Storm,  ‘n gawe *professional hunter* (PH), sy eie seun Piet word groot en ontpop hierdie Paul in ‘n voor jagter met seun en al.  Helena,  die eersgebore meisiekind moet ook saam jagplaas toe by geleetheid en daar kwes sy ‘n blouwildebees.  Op die laaste dag van die jaguitstappie  word oupa Piet die geleentheid gebied om saam met Helena by ‘n drinkplek te gaan skuil terwyl die ander die wildebeeste,  hopenlik dan nou ook die gekweste een,  te gaan probeer nader bring vanuit die digte bos vir Helena om dit uit te haal.  Ek besef dat die waarskynlikheid dat daardie gekweste wildebees vir haar sal kom poseer daar waar ons skuil, feitlik nul is.  Omdat man natuurlik doodstil moet sit en nie moet gesels nie kantel ek stadig om en knip ‘n lekker uiltjie terwyl Helena ene ore is vir daai bees.  Natuurlik het die operasie sonder enige sukses verloop omdat “oupa het so gesnork het dat die wildebees nie naby ons wou kom nie”.

Gert Lappies het mos gesê elke saak het drie kante: my kant,  jou kant en die regte kant.

## 12 VOETSLAAN

Stap was nooit vir my ‘n problem nie want van kindsbeen af was ek gewoond om agter skape te stap of op die oop karoovlakte te huppel van vreugde.

Toe word man ‘n opmeter en begin die stappery amper soos werk raak maar steeds aangenaam veral omdat dit nog in die Karoo was.  Ons het baie hoë punte,  selfs bergpieke moes besoek vir teodoliet peilings na ander bakens.

Die lig om by US in te skryf vir siviele ingenieurswese gaan vir my in 1965 op, ek en Helena trou en ek het myself *commit* om die eerste jaar deur te kom, *come hell or high water.* Vanweë die skielik verhoogde stress vlakke (die woord *stress* het toe nog nie bestaan nie maar dis wat dit was met my). Ek begin prematuur vroeg wakker word soggens en begin net daar om tydens die lekker vroë somers oggende 'n paar straat blokke te gaan omstap sodra ek wakker genoeg is. Soos wat die *swottery* vorder leer ek baie gou besef dat wanneer mens agter daai boeke sit en agterkom jy neem dinge nou te stadig of glad nie meer in nie, mors jy jou tyd, dan staan jy flink op en gaan stap daai paar blokke, onge-ag die tyd van die dag of nag. Dit was voor die tyd van *crime*. 'n Halfeeu jaar later hoor ek eers van die kleinbrein wat dan nou jou gedagtes orden wanneer dit deur die stap-aksie stimuleer word terwyl die grootbrein se funkisie is om info in te neem en bedink.

Ek het oor die jare baie struikelblokke en gewaande en ander hindernisse met daai kleinbrein op 'n voetslaanpad uitsorteer.

Gedurende ons verblyf op Tzaneen met sy mooi omgewing en pragtigste voetslaanpaaie raak ons en die kinders versot op voetslaan soos in vir dae lank aaneen en uitslaap in baie meer afgeskaalde oorbly geriewe as waaraan jy gewoond was tuis.

Oor die jare het mens saam met baie verskillende tipes mense gaan voetslaan want mens maak ter wille van die geselligheid altyd 'n groepie op vir die stappery. So was ene Jan de Jager, 'n jong- en tawwe man ook op 'n dag saam en ons roete het begin by Louis Trichardt en teen Hanglip uit gekronkel, 'n baie steil klim. Jan het dit goed gedink om met die inpak van sy proviand vir die naweek, te spaar op kos en liewer bier te pak: 12 Long Tom's. Teen Hanglip uit het hy sy bier begin weggee toe hy nie kon voorbly met dra of drink daarvan nie en verder langs die pad het hy by lokale mense 'n hoender moes steel vir kos om te oorleef.

Langs dieselfde roete Hanglip uit kronkel die paadjie plek-plek oor rotsagtige terrein en tydens 'n ander voetslaan uitstappie het Pauline, wat erg aan hoogtevrees ly, totaal opgevries by 'n hoërige plek sodat ons laat donkeraand eers by die eerste oorslaaphut aankom. Jammer dat van Jan se bier toe nie by was om te vat vir die dorsigheid en die vrees nie !

Die voetslaanpad vanaf God's Window (Graskop omgewing) verby Clearstreams na nog 'n plek al bo-op die Laeveldse platorand het ons seker tien

keer gestap.  Toe Magdaleen vyf jaar oud was moes sy al saam.  Sy was baie opgewonde in afwagting vir die groot uitdaging en wat dit mag meebring.  Die eerste ent van die paadjie kruis 'n driffie terwyl dit al skemer begin word want ons het laat daar arriveer en daar trap sy in die haastigheid in 'n lekker modderkol in die  lopie sodat die mooi rooi tekkie heel wegsak daarin en toe dit saam met die voet weer moes uitkom,  bly dit agter onder die modder.  Die Bybel waarsku mens nie verniet 366 keer teen vrees nie:  eenkeer vir elke dag van die jaar en 'n ekstra keer vir skrikkeljaar.  Want die vrees moes momenteel seker gedreig het om die oorhand te kry.  Ek kon die rooi tekkie gou weer opdiep en in die stroompie water afspoel vir die vier kilometer wat voorlê Clearstreams toe, nat of te not.  Dit was twee jaar voor Andrea se geboorte want sy is later ook saam soontoe op 14 maande ouderdom en moes natuurlik heel pad in 'n dra sak gedra word.  Jare later,  toe sy weer moes saam,  kon sy self loop saam met twee ervare susters om haar te vertel waar mens moet trap en waar nie.

Dit was ook nie snaaks dat ek en Stella mekaar baie jare later, in albei se alleenbly tyd,  op 'n voetslaanpad ontmoet het en Kupido die situasie uitgebuit het nie !

## 13 FIETSRY

Enige ding wat op wiele loop is seker vir meeste seuns van kleins af fassinerend.  So was 'n gewone trapfiets kleintyd vir my,  maar as peuter was daar nie daardie tyd klein-skaal fietsies soos nou nie en moes mens uithou en eers groot genoeg word voordat jy dan nou 'n gewone (groot) fiets kan probeer ry.  Indien die waagmoed jou genoegsaam dryf sal jy 'n fiets "onderdeur " probeer ry.  Dit beteken dat,  omdat jou bene te kort is om bo-oor die fiets se raam by die pedale by te kom,  moet die een been onderdeur die raam gaan en staan jy so skeef soos 'n kreupel gans en trap.  As mens nie 'n paar keer geval het met die probeer fietsry nie,  was dit raar.  Nog 'n hindernis met die leer om fiets te ry is met wie se fiets doen jy dit nou.   Want almal weet jy gaan val en dan sodoende sy fiets net meer verniel.  Dis sulke tye wat mens leer om skelm te wees, of sal ons sê leer om te improviseer want so het ek op 'n provisie bekomde fiets van 'n jong (plaasvolkie) ontdek dat my bene lank genoeg is om bo oor die raam te ry !  Dit was 'n groot dag maar die vreugde van fiets te ry was toe vir my vir jare beperk tot die enkele kere wat ek kon improviseer.

In standerd vier kry man toe mos die nuwe Raleigh omdat hy Gansfontein plaasskool toe gaan. Ek was oortuig ek is die kat se snor. Maar genoeg daaroor hier bo by skooldae.

Nadat al die ander ry- en vlieggoed nou nie meer vir my so snaaks was nie word fietsry weer mode en dit pas my toe baie goed. Nou is die fietse baie meer modern: kabel remme, sommer 18 ratte party en allerhande bybehore soos spoed- en afstand meters. Selfs 'n hartmonitor vir jou *ticker* wat die scenario mooi afrond. Jy moet net trap.

Die paaie in die Tzaneen omgewing met hul lekker geteerde skouers leen hulle baie goed vir fietsry en daar is ook sommer 'n paar plekke met goeie steiltes. Iemand troos ons op 'n dag met die filosofie dat vir elke opdraend is daar ook 'n afdraend.

So gebeur dit dat ek swig onder druk en in 1998 op 56 jarige ouderdom my eerste Argus gaan ry. Ek word aanbeveel om reeds vier maande voor die tyd toegewyd te begin oefen, log te hou van elke tog en minstens 'n duisend kilometer af te lê vóór die Argus wat gedurende Maart van elke jaar in die Kaap plaasvind. Dit is toe goed en wel maar die logistieke om van Tzaneen af heelhuids in die Kaap te kom, verblyf naby die plek waar 33 000 fietse die oggend gaan wegspring te kry en weer heelhuids terug te keer, is 'n ander storie. Dis met voertuie met fietsrakke Johannesburg lughawe toe en dan per vliegtuig met 'n behoorlik verpakte fiets tot by die Kaapse lughawe en dan daarvandaan na jou blyplek.

Met die tweede Argus in 2003 saam met Stella het ons die Argus trein in Pretoria gehaal en kon mens in die trein op die Kaapstadse stasie, wat feitlik by die wegspringplek van die Argus geleë is, oorbly. Hierdie keer volg die Argus toer nie Chapman's Peak nie maar Ou Kaapse Weg. Gedagtig aan die vorige Argus waar daar hordes stalletjies langs die pad was met Coke, sappe, vrugte en lekkers neem ek hierdie keer net water saam. Maar intussen het die politiek van die Argus verander en daar is hoofsaaklik water, bietjie sap en skaars Coke. En ek begin swaar kry van hongerte. Die roete gaan oor die berg wat Ou Kaapse Weg genoem word en ek is darem al redelik verby die middelpunt van die roete; ek moet dus uithou. Op die steilste deel van die berg stap meeste ouens en stoot hul fietse maar ek volhard totdat ek sowaar 'n mooi, groot piesang 'n entjie voor my in die pad sien lê. En ek is so lief vir 'n piesang ! Ek stop net daar tussen die stroom fietsryers en maak of ek baie moeg is, al skuifelend tot reg bo-oor die piesang, vol vrees dat die piesang se

regmatige eienaar dit gaan opraap voor ek daar kom, wat toe nie gebeur nie en my vreugdevol die ge-improviseerde regmatige eienaar van die piesang maak. Dit was verseker die lekkerste piesang wat ek toe vir 61 jaar ge-eet het.

My en Stella se twee fietse het daarna in onbruik verval totdat ons Prinshof toe is. Daar het hulle ook die voorreg gehad om op die plaas aangewend te word met logiese gevolge.

## 14 DIE TANKWA KAROO

Die klimaat van die Wes Kaap strek verby Ceres tot amper by Karoo Poort. Dan val die reënval daar dramaties en omdat die hele sg Tankwa- of Ceres Karoo gebied relatief laag bo seevlak geleë is, is die klimaat gedurende die wintermaande baie meer gebruikersvriendelik as die veels hoër liggende gebiede in die Sutherland en Koue Bokkeveld rigtings weerskante toe. Dit het tot gevolg dat baie veeboere al die jare nog in genoemde omgewings met hul kleinvee vir die wintermaande tydelik verhuis na die Tankwa Karoo waar hulle grond besit of huur gedurende die wintemaande.

Met genoemde lae reënval is droogtes maar aan die orde van die dag.

I W van der Merwe, oftewel Boerneef, het op Boplaas in die Koue Bokkeveld grootgeword. Hy het later professor in Afrikaans aan UCT geword maar was as kind betrokke by dié trekkery met die vee Tankwa Karoo toe. Hy skryf later:

*By Pramberg blêr 'n moflam*

*van hongerte en dors*

*By Pramberg vrek 'n moflam*

*dit is vanjaar die stryk*

*sny keelaf wat nog lewe*

*dis hoeka sukke tyd*

*By Pramberg blêr geen moflam*

*maar die jakkals hou jolyt.*

Die koppie waarna hy verwys is baie prominent geleë langs die pad soos dit afsak Tankwa Karoo  toe vanaf die Koue Bokkeveld.

Vanweë toenemende mensegetalle,  beter paaie en beter voertuie word die Tankwa Karoo deesdae 'n baie aantreklike opsie vir mense vanuit die dig bewoonde gebiede om bietjie vars lug te gaan inadem.  Dis maar twee ure se ry vanaf Kaapstad.  Daar is ook al lodges en gastehuise in die omgewing, die begrip waarvan in my kinderdae gladnie bestaan het nie.

Die alombekende N1 roete van die Kaap af Noorde toe het tydens die Kimberley diamant stormloop nog nie bestaan nie en het reisigers Van Kaapstad na Kimberley en seker verder Noord langs 'n roete gereis wat deur Ceres,  Karoo Poort, die Tankwa Karoo,  Sutherland,  Fraserburg, Carnarvon ens geloop het.   Soos  Dene Smuts en Paul Alberts in hul boek Die Vergete Grootpad skryf kon die Tankwa Karoo dalk anders daaruit gesien het as iemand êrens nie besluit het die N1 moet loop waar hy vandag loop nie.  Die dorpe hierbo genoem kon daardie tyd,  toe die roete verskuif word,   darem 'n saak beding dat hulle toegangsroetes vanaf die N1 geteer moes word.  Danksy daarvoor kan mens hul vandag bereik op teer vanaf die N1.

## 15 VRIENDE

In matriek rond het 'n onnie (Chum Ochse) sy bes prober om Engels in ons, veral my,  koppe te kry.  Of dít nou nie al genoeg was nie,  moes ons nog Shakespeare se Engels ook inneem,  *nevermaaind* baasraak.   Al wat ek agterna van Shakespeare se Hamlet onthou het was sy uitspraak oor die meriete van 'n vriend:  "The friends thou hast,  grapple them to thy soul with hoops of steel".

Ek meen dis Salomo wat 'n sterk mening uitspreek oor die meriete soms van 'n goeie vriend bo dié van 'n broer.  Daar is ook mooiweersvriende en ware vriende en die kuns lê daarin om te onderskei.

Hier van laerskool dae af het mens mos nou begin maatjies maak met hier en daar 'n man wat na jou sin is en na wie se sin jý is.  Ons ouens het nooit dogtertjie maatjies gehad nie.  In die hoërskool was daar omtrent drie maatjies maar snaaks,  hulle was nie mekaar se maatjies nie.   Die neef,  Attie Stander, wie hierbo na verwys word, was die vriend wat na al die jare oorleef het en steeds 'n vriend is.

En natuurlik was Ryno Eksteen die ideale maat maar hy is te vroeg dood.

Wanneer mens as individu bevriend raak met met ‘n iemand is daar slegs één verhouding ter sprake. Wanneer jy en jou huweliksmaat bevriend raak met ‘n volgende huwelikspaar, is daar ses verhoudings ter sprake. Die ding van vriende maak raak dus baie ingewikkelder wanneer jy die ongehude staat verlaat. En die teenwoordigheid van kinders maak dit nie makliker nie.

Soos mens bevoorreg is om lank te leef, kom daar so met die tyd gelukkig nuwe maatjies by langs jou pad. Dan is hulle vriende en nie meer maatjies nie. Vanweë skeiding deur afstand en ander omstandighede sterf mens maar ongelukkig party vriende af; daarmee moet mens vrede maak. En verder natuurlik die onvermydelike: Oupa het mos later jare gesê sy pêlle *drop* hom, die d.nners gaan dood.

**16 KONKLUSIE**

SEWE KLIPPIES

Daar’s sewe klippies in jou sak
Deur die Here vir jou weggepak
Sodat jy ene weg kan gooi
Vir elke tiende jaar voltooi.

Eerste klippie, geen probleem
Die spel sal donkiejare neem,
Dink ons in ydel kinderwaan
Die lewe gaan vir ewig aan.

Op twintig waai die tweede klip,
Yl van moestas en rooi van lip,
Windmakerder kan jy nie kry

Wat ek wil,  skuld die wêreld my.

Klippie drie dié laat jou dink,
Vir dertig jaar het jy rinkink,
Vier sewendes is daar nou oor,
Om op te maak vir tyd verloor.

As uit jou hand die vierde val,
Dan vlek die grys jou slape al
En dit wat in die sak oor bly,
Te min om als gedoen te kry.

Dan kom jy by die halwe honderd,
Nou galop die tyd bedonnerd
En na die bult-op lewenspad,
Beginne jy die afdraend vat.

Voorlaaste klippie nommer ses
Glip uit die sak voor jy sê mes
Dié wat gewerk het vir 'n baas
Kry sy persent en groet vir laas.

O wee,  o wee, klippie sewe,
Skriftuurlik het jy klaar gelewe,
Daar kom nou veel genade kort
Vir dié wat graag wil tagtig word.

Daar is natuurlik taai kalante,
Jy sien hul soms in die koerante,
Wat net nie wil die emmer skop
En eers na honderd om sal dop

Of jy nou tot vervelens lewe,
Of tata sê hier rondon sewe,
By watter klip jy ookal stop,
Gaan sal ons,  die tyd raak op.

Ons wens jou dus ‘n sakvol klip,
Genoeg vir daardie honderd trip
En vreugde in jou kook en bak
Tot jou knië daar op oudag knak.

Nou ja ou maat,  daar het jy dit,
Al wat ons nou kan doen is bid
Vir gesondheid,  liefde en geluk,
Met voorspoed vir die oorbly stuk

Onbekend

# DIE CERES (TANKWA) KAROO

